

Foto's: Robert Cable



Eenheid só gevier ...

Vir die eerste keer het lidmate van die NG en die VG Kerk op dié dorp in een gebou Paasfees gevier. – Bl 4

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

23 April 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nommer 5



- Moeilik om te speel
- Mooi om na te luister
- Duur om te onderhou

Zorada Temmingh afgeneem by die afsluiting van die Toyota US Woordfees Flikker & Flash-opwipvertonings in die Stellenbosch Moederkerk op 10 April.

Foto: Nardus Engelbrecht

Maar dit is nie naastenby die volle verhaal van die kerkkorrel nie, skryf Jacobie M Helena op bladsy 10 en 11.

Zoom moet kerk help geld spaar

Korting kom vir streeksinodes waar gemeentes sukkel

LE ROUX SCHOEMAN

Die NG Kerk se geldsake asook die balans tussen spaar sonder om “terug te tree van kerkwees”, is tydens ’n onlangse spesiale vergadering van die Algemene Sinodale Modereamen (ASM) bespreek.

Dit volg ná sewe uit die tien streeksinodes gevra het vir verligting op die geldelike bydraes wat hierdie strukture moet maak tot die Algemene Sinode (AS) vir dié se werksaamhede.

“Die realiteite van sinodes se omstandighede is werklikhede wat ons nie durf ignoreer nie,” luidens ’n verslag deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB).

“Benewens werksverliese en verminderde inkomste van lidmate gedurende 2020, het die taakspan ook in ag geneem dat Covid-19 gevolg het op ’n aantal jare van uitmergelende droogtes,” luidens die terugvoerdokument wat op 15 April tydens ’n Zoomvergadering bespreek is.

“Daarby het die groeiende getal gemeentes wat doleer (en in sommige gevalle dus hulle bydraes in beginsel uit protes teen die Algemene Sinode weerhou – Red), ’n beduidende invloed op die inkomste van sinodes. Verder het die Zondo-kommissie die enorme skade aan die land se ekonomie vanweë grootskaalse korrupsie, baie duidelik aan die kaak gestel,” luidens die dokument.

Die verligtingsversoeklys lyk so:

- Goudland 50%
- Vrystaat 20%



’n Skermgreep van die spesiale vergadering van die ASM.

- Oostelike Sinode 25%
- Noordelike Sinode 25%
- KwaZulu-Natal 20%
- Wes-Kaapland 12,5%
- Hoëveld 3,3%

Die begroting is tydens die spesiale vergadering goedgekeur, met dien verstande dat dit viermaandeliks hersien sal word. Dit maak effektief voorsiening vir “verligting” aan streeksinodes wat altesaam meer as R700 000 beloop.

Die ATFB, wat saamgestel is uit finansiële verteenwoordigers, gewoonlik die uitvoerende amptenaar of die leier van die sinode se taakspan vir finansies, van al tien samestellende sinodes. Die taakspan bevat ook kundiges van “buite”, wat onder andere twee voormalige senior personeellede van die Reser-

webank insluit. Die voorsitter is ds Paul Grobler.

Grobler het beklemtoon dat die ATFB meen “daar moet met die uitgangspunt gewerk word dat die Algemene Sinode slegs op 75% van die bedrag wat elke streeksinode ooreenkomstig die beleid verskuldig is, kan reken.” Dit beteken dat daar begroot word vir ’n totale inkomste vanaf sinodes ten bedrae van R3 108 823.

Nog ’n punt waar drastiese besparing beoog word, is vergaderings wat in persoon plaasvind; met meer as R500 000 wat bespaar kan word indien die einste ASM se jaarlikse vergadering eerder virtueel sou plaasvind. ’n Aantal afgevaardigdes het kommer uitgespreek oor Zoom en Skype as ’n soort verstekopsie vir hierdie soort vergaderings.

“Dit is te verstane in die lig van Covid en die begroting, maar ’n mens moet kennis neem, daar’s ’n klomp goed wat verlore gaan ... dis juis in teetyd en etenstyd wat jy verhoudings bou sodat wanneer daar ’n moeilike kwessie is, dan is die verhouding gebou,” het ds Maartje van der Westhuizen van Oostelike Sinode laat hoor.

Dr André Bartlett (Hoëveld Sinode) het gesê die belangrike ding “is dat ons hoor wat die ATFB vir ons sê. Dat ons met nuwe oë na ons begrotings moet kyk.” Hy meen die jongste besluit stuur die boodskap: “Dit is moeilike tye en die Algemene Sinode stel die voorbeeld deur te sê ons gaan met baie streng dissipline om met ons fondse ... nie omdat ons terugtree van kerkwees nie, maar omdat ons weet ons sal slimmer en beter moet werk.”

Die opvolgvergadering het, nes die vorige, onder voorsitterskap van ds Nelis Janse van Rensburg plaasgevind.

Janse van Rensburg het ná die vergadering aan *Kerkbode* gesê hy is vasberade dat al die werksaamhede van die AS ten spyte van beplande geldelike inkortings voortgaan. Hy het ’n klomp take van hierdie sentrale liggaam uitgelig, wat wissel van die meer administratiewe soos die hantering van predikantesake, rekordhouding van beroepbaarheid ensovoorts, tot ekuemiese en publieke getuienis-werk, aangevul deur die werk van talle taakspanne, wat op hulle beurt na alles van teologiese opleiding tot Bybelvertaling kyk.

Kairos-Netwerk en kerkorde-vernuwing

Die vorige ASM-vergadering, in Maart, is grootliks gewy aan bespreking van ’n ontmoeting tussen kerkleiers en verteenwoordigers van Kairos-Netwerk (KN). Tydens die vergadering is KN se versoek van die hand gewys om ’n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode uit te roep waar die 2019-besluit rondom selfdegeslagverbintenisse herbesoek kan word. “Ons aanvoeling is dat ’n buitengewone algemene sinode nie die regte ding is om te doen nie. Dat dit uiters verdelend kan werk, om die waarheid te sê,” het Janse van Rensburg by daardie geleentheid gesê.

Die ASM het wel ’n verslag goedgekeur wat verwys na die moontlikheid

van die aanpassing van die kerkorde om voorsiening te maak vir “nuwe netwerke van gemeentes wat oor bepaalde belangrike sake eendersdenkend is”.

Mnr Pieter Breytenbach het ondanks die feit dat KN se buitengewone sinode-versoek die wind van voor gekry het, gesê gesprek duur voort. “Ek sou die sukses (van die vroeëre ontmoeting tussen KN en die afvaardiging) as volg uitlig: die feit dat beide partye tot die besef gekom het dat daar diepgaande verskille op teologiese gebied, teologiese opleiding en kerkregtelike prosesse bestaan. Beide partye het dit erken.”

Breytenbach, wat as KN-woordvoerder optree en bedryfshoof is by

Moreletapark waaruit die netwerk gegroei het, het op 11 Maart per e-pos aan *Kerkbode* gesê: “My eie verstaan is dat die proses in die NG Kerk al ’n hele ruk terug begin is, om te kyk hoe die kerkorde aangepas kan word om meer ruimte te maak om die opdrag van evangelisasie meer en beter te kan leef as ’n denominasie. Dus word daar onder andere gekyk na aspekte soos om vir ander netwerke, kerke en geloofsgemeenskappe ruimte te maak dat hulle wel ingesluit word, of met een of ander vorm van ooreenkoms, deel kan vorm van die NG Kerk. Wat egter nou bykom is dat verskillende kerkmodelle ook nagevors en geëvalueer moet word, om te sien of daar op

’n manier ’n model en strukture kan wees, wat die twee teologiese strome wat bestaan, kan hanteer sonder dat die een beïnvloed word deur onder andere besluite wat die ander neem. Teologiese opleiding by die verskillende fakulteite skep tans vir die KN ’n probleem op ’n hele paar gebiede. Die hoop wat geskep is, is dat die kuratorium dit besef en begin aandag gee daaraan. Hierdie is egter nog ’n lang proses en die effek van die proses sal eers later bepaal kan word. Alhoewel die ASM die KN gaan betrek, is ons nog onseker of ons wel ’n positiewe bydrae sal kan lewer. Ook hierdie aspek moet nog by die KN volledig bespreek word,” meen Breytenbach.



Hierdie twee afgetrede vriende het op 9 April vanjaar op 'n reuse-fietsrit vertrek ten bate van slagoffers van gendergebaseerde geweld en organisasies wat veilige ruimtes skep.

Besoek www.kerkbode.co.za vir 'n video-onderhoud met een van

die trappers, Gerhard Botes (67), oor die hoe en hoekom van hierdie projek. Botes (links) en Deon Viljoen sal sonder steunvoertuie 'n roete van sowat 2 900 km oor sowat 60 dae ten bate van Yellow For Survivors aflê.

Foto: Verskaf

Inbreker byt en pot dominee wat via Zoom om hulp roep

LE ROUX SCHOEMAN

Onlangs het 'n webinar oor kollektiewe trauma op skokkende wyse 'n ironiese wending geneem toe ds Sam Heine in sy huis aan geval en by meer as 30 mededeelnemers via Zoom gepleit het om die polisie na sy huis in Secunda te ontbied.

Heine was op 15 April omstreeks 11:00 alleen by die huis en in sy sitkamer besig met die virtuele aanlynopleidingsessie, tesame met dominees van regoor die land. Toe hy gaan ondersoek instel na geluide wat hy gehoor het vanuit die vertrek waarin hy sy beradingspraktik bedryf, het hy op 'n inbreker afgekom. "Hy't 'n skroewedraaier gehad en gesê hy gaan my steek, toe storm hy," het Heine vertel.

Heine, 'n berader wat ook as "vryskutdominee" werk, se aanvaller was sowat 1,83 m teenoor sy eie 1,72 m. "Hy was so ses voet, in ou taal, redelik skraal," het Heine vertel. Die 55-jarige Heine het bygevoeg dat hy so naby as moontlik aan die aanvaller se lyf probeer bly het op grond van 'n wenkvideo wat hy toevallig onlangs gekyk het oor hoe om 'n panga-aanval te oorleef. Heine is blouoog gepot en ook gebyt en het krapmerke opgedoen. Hy is na die voorval na sy huisdokter vir behandeling.

Intussen, op Zoom, moes driedosyn

dominees hulle eie trauma verwerk terwyl Heine se welstand aan hulle onbekend was, vertel Hanna Kotze, 'n kliniese maatskaplike werker van Port Elizabeth wat die webkursus gelei het. "Die groep is heeltemal ontwrig en verwees; party woedend en ander wou huil," het Kotze vertel.

Kotze was vol lof vir Heine wat koelkop gebly het en herhaaldelik sy huisadres ten aanhore van webinaargangers uitgeroep het sodat hulle weet waarheen om die polisie te stuur.

Die inbreker het deur 'n venster ontsnap sonder die rekenaar wat hy vermoedelik uit die studeerkamer wou buit en sowat nege ure ná die voorval het Heine aan *Kerkbode* gesê hy voel OK. "Ek het dalk nog meer wat ek sal moet *process*, maar ek het redelike vrede in my hart," het hy gesê. "Ek het darem 'n goeie *punch* ingekry," het hy geskerts en bygevoeg dat dit waarskynlik in sy guns tel dat hy deesdae "meer soos 'n *tanker* as 'n *speedboat*" gebou is.

'n Voorstel om vir die dominee te bid, was die begin van 'n soort ontlonking van die situasie, waarna Kotze deelnemers uitgenooi het om die woord te tik wat die emosie wat hulle op daardie stadium voel, beskryf. Dit is gevolg deur 'n meditasie.

Heine het gesê hy hoop nie die traumakursus het te prakties geraak nie.

Finansies klim sonder kollekte

NEELS JACKSON

Vandat die NG gemeente Pretoria-Oosterlig sowat drie jaar gelede weggedoen het met eredienskollekte, gaan dit heelwat beter met hulle finansies.

Dit mag vreemd klink, maar agter die besluit lê daar heelwat teologiese denke.

Dr Roedolf Botha (foto), leierleraar, gaan haal die verhaal 'n paar dekades gelede toe hy betrokke was by 'n nuwe gemeente vir kerklose mense aan die Wes-Rand. Hulle het destyds heelwat navorsing gedoen en gevind dat hierdie groep mense dit baie negatief beleef as daar by die kerk oor geld gepraat word.

Toe hy in 2017 in 'n konsultasiepos by Oosterlig betrokke was, het hy met die sensitiviteit wat destyds by hom gekweek is, opgemerk dat daar elke Sondag by Oosterlig se eredienste oor geld gepraat word. Daar was aan die einde van elke maand 'n deurkollekte vir 'n spesifieke bediening, en elke week is mense daaraan herinner.

Hy het dit by die leraarspan genoem en toe het hulle opnuut besin oor die hele saak van lidmate se bydraes. Die teologiese uitgangspunt in die gemeente is dat vrygewigheid 'n belangrike aspek van die navolging van Christus is.

Eers het hulle probeer om van die kollekte 'n sinvolle liturgiese element in die erediens te maak. Dit moes nie net 'n tyd wees waar mense in hulle sakke rondvoet vir kleingeld nie. Dit moes 'n sinvolle, geestelike element van die erediens wees.

Dit het beter gewerk, maar daar was ook mense wat negatief daarop gereageer het.

Dit is toe dat hulle daarvoor begin praat het om heeltemal weg te doen met eredienskollekte. Dit sou 'n groot stap wees en hulle was maar senuweeagtig oor die effek wat dit op die gemeente se finansies sou hê. Eredienskollekte het immers sowat 'n kwart van hulle inkomste opgelewer.

Botha vertel daar was twee oorwegings vir hierdie stap. Die eerste was 'n missionale oorweging. Hulle wou hê die eredienste moes vreemdelingsvriendelik wees. En as buitelanders dit negatief beleef as geld ter sprake kom, moes hulle daarvan wegkom. Die tweede oorweging was 'n pastorale een: Hulle wou dat lidmate hulle eie geldelike bydraes sinvol moes beleef.

Daarom het hulle die gemeente gevra om tuis te gaan dink oor hulle geldelike bydraes aan die kerk. Hulle moes bid daarvoor en die gee moes vir hulle 'n geestelike daad wees.

As 'n mens oor bydraes begin praat,

is daar drie groepe mense in die gemeente, sê Botha. Die eerste is dié wat reeds "tot barstens toe" gee. Vir hulle is die boodskap dat hulle asseblief nie meer moet gee nie.

Die tweede groep is mense wat 'n bietjie gee, maar wat meer kan gee. Hulle word gevra om weer te gaan dink en bid oor wat hulle gee.

Die derde groep is diegene wat niks gee nie. Vir hulle word gesê dit is vir hulle eie navolging van Jesus belangrik dat hulle gee. Dit gaan nie om geld vir die kerk nie. Dit gaan daarvoor dat jy nodig het om vrygewig te wees.

Botha sê Jesus praat meer oor geld en materiële sake as oor enigiets anders. Vir hulle wat in die ooste van Pretoria bly en meer het as die meeste mense, lê dit 'n besondere verantwoordelikheid

op om vrygewig te wees.

By Oosterlig vra hulle telkens hoe hulle lidmate kan help om 'n volgende stap te neem in die navolging van Christus. Vir verskillende mense beteken dit verskillende dinge, maar een aspek daarvan is om vrygewig te wees.

Toe Oosterlig vroeg in 2018 afgesien het van eredienskollekte, het hulle lidmate gevra om hulle bydraes elektronies oor te betaal. Van die senior mense het kom sê hulle is nie bedrewe met die internet nie, en daarom is daar by die kerk twee kassies aangebring waar dié mense hulle bydraes kan ingooi.

Die gemeente se inkomste het in die eerste twee maande 'n klein bietjie teruggesak, maar daarna was dit nog deurentyd bo die begroting – ook die afgelope jaar tydens die Covid-pandemie.

In dié tyd het Oosterlig, as deel van die stad se versorging van haweloses tydens die inperking, vir twintig mense verblyf op die kerkterrein verskaf. Die gemeente is betrek en die reaksie was oorweldigend. Mense wat nog nooit bygedra het nie, het dit nou begin doen.

Toe dit by die begroting kom vir die nuwe geldjaar, het hulle besef dat die ekonomie weens die pandemie stram is. Daarom is daar besluit om die begroting glad nie te verhoog nie – behalwe vir die missionale werk. Daarvoor is die begroting met R1 miljoen verhoog. Hulle het uitgewerk dat as elke huishouding eenmalig R1 655 hiervoor gee, dek hulle dié koste. Maar hulle het ook gesê dat mense wat self weens die pandemie ekonomies swaar trek, asseblief nie meer moet gee nie. Binne twee weke het die helfte van die geld ingekom.

Botha sê as daar in hulle gemeente oor bydraes gepraat word, praat hulle nie oor geld nie, maar oor dissipelskap. En die terugvoer wat hulle van lidmate kry, is: "Julle laat ons nie skuldig voel nie."

► Neels Jackson is 'n vryskutjoernalis en voormalige redakteur van *Kerkbode*.



Kerkeenheid Paasfees dui op 'nuwe lewe in oorvloed'

Die groepie mense wat voor die NG kerkgebou op Touwsrivier vir die *Kerkbode*-span staan en wag, woon al jare saam op dié Kaaroodorp. Van een lidmaat wat al so lank as 46 jaar hier woon, en in die einste gebou kom aanbid, tot 'n lidmaat wat op 38-jarige ouderdom geen ander dorp as tuiste ken nie.

Ons besoek vind kort voor Paasaweek plaas, maar daar is iets wat tog anders is aan die vooruitsig van seker dié belangrikste gebeurtenis van die kerkjaar. Vir die eerste keer het die lidmate van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) op Touwsrivier nie in aparte kerkgeboue nie, maar saam in een gebou Paasfees gevier.

"Paasfees is 'n tyd waar ons families bymekaarkom," sê Courtney Klein, wat al jare die leierouderling by die VGK-gemeente is. Net so is dié twee plattelandse gemeentes saamgevoeg en kan hulle nou vir die eerste keer saam nagmaal vier, het Klein verduidelik.



Ds Andrew Esterhuizen

"Dit is die sentrale boodskap van die Bybel, Joh 3:16: So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan beërf."



Magdalena Klein

"Opstanding vir my beteken 'n nuwe lewe wat Hy vir ons kom gee het, 'n lewe in oorvloed."



Gerhard du Toit

"Dis hoekom hierdie Paasfees vir my so besonders is ... dat ons twee gemeentes saam kan nagmaal hou en weet dat ons die regte ding gedoen het in die oë van die Here."



Courtney Klein

"Paasfees is 'n tyd waar ons families ook bymekaar kom en in die verband dat ons as NG en VGK saamgevoeg is, gaan ons deel hê aan 'n nagmaal."



Berend Lottering

"As ek aan Paasfees dink, herinner dit my onmiddellik aan God se groot liefde vir die mensdom."

Voedseltuin lewer eerste oes by Goue Aar-tehuis vir bejaardes

ELANA VAN DER WATT

Die ontspanningsprojek waarvan die saadjie in die grendeltyd reeds geplant is, het uiteindelik vrug begin dra by die Goue Aar-tehuis vir bejaardes op Malmesbury. Inwoners by die tehuis het uit hulle nuwe groentetuin begin oes en só nie net iets gevind waarin hulle hulle kan uitleef nie, maar ook vars groenigheid kombuis toe begin stuur by 'n tehuis wat elke sent moet omdraai.

Leon Venter, Badisa se programbestuurder by Goue Aar, vertel dat die

idee vir die tuin verlede jaar reeds ontstaan het. Dit was na aanleiding van die #GROEI-projek, wat deur die NG Sinode Wes-Kaap se Hoop-en-Versoeningstrust en Diaconia begin is vir volhoubare voedselvoorsiening en ekologiese bewusmaking.

"Ons het in die grendeltyd gesien hoe 'n klomp groentetuine in arm gebiede met die hulp van die #GROEI-projek aangelê is en ons het van die idee gehou. Ons het aansoek gedoen, maar ongelukkig was ons grond 'n dorre tipe kleigrond wat nie reg was

vir die kweek van groente nie. Ons sou eers die grond deeglik moes voorberei en is genoodsaak om eers daarvoor 'n borg te gaan soek."

Na aanleiding van 'n terloopse gesprek het 'n weldoener, wat in November verlede jaar 'n nuwe lapa-area by die tehuis ontwikkel het, toe besluit om met die voorbereidings te help. Die SlimSun Swartland Solar Park het groot houers en bemesting geskenk, asook R1 500 se saailinge wat onmiddellik in die grond gesit is. Die eerste spinasie is einde Januarie gesny en beet en die lieflikste koolkoppe is intussen goes.

"Weens ons inwoners se beperkte beweeglikheid kan ons dit ongelukkig nie op groot skaal doen nie, maar die handjievol wat aktief betrokke is vind groot genoegdoening daarin dat iets wat hulle help kweek het, op die etenstafel beland," sê Venter. "Moenie 'n fout maak nie – soms is daar maar 'n bietjie konflik tussen die ooms en tannies oor hoe om nou eintlik die tuin te bestuur, maar soggens is hulle daar en daar is 'n lieflike atmosfeer. Dit is wonderlik as iets realiseer soos jy jou dit voorgestel het, en dit is deur en deur die geval met hierdie tuin, wat ons van die begin af gehoop het terapeuties sal wees."

Venter sê die volgende stap is om 'n skadunet te span en, hoewel dit nooit



Foto's: Verskaf

die tehuis selfonderhoudend sal maak nie, tog die tuin so uit te brei dat dit 'n merkbaar verskil in die begroting sal maak.

Die #GROEI-projek gaan steeds voort en enigiemand wat navrae daarvoor wil rig, kan na spg@kaapkerk.co.za 'n e-pos stuur.

► Elana van der Watt is 'n vryskutjoernalis met 'n hart vir gemeenskapswerk.





Jaco Strydom gesels met **Annes Nel**

'Ek vind 'n geestelike familie in Rusland'

Nou die dag loop ek 'n klomp Russe raak by NG Gemeente Durbanville buite Kaapstad. Net een of twee van hulle kon Engels praat. Die een se naam was Olga. Sy het getolk, want die studente wou om die beurt kort toesprake lewer om hulle Suid-Afrikaanse dosent geluk te wens met sy 62ste verjaarsdag. 'n Mens kon duidelik sien hoe baie hy vir hulle beteken.

Die dosent se naam is dr Annes Nel. Olga, die tolk, is sy vrou. Hulle woon die afgelope paar jaar in Rusland. Die studente was op 'n teologietoer in Suid-Afrika en Namibië.

Gewoonlik werk dit andersom, verduidelik hulle. Gewoonlik doen Annes die praatwerk en tolk Olga sy lesings vir sy teologie-studente by die universiteit in St Petersburg waar hy klas gee.

Annes vertel dat sistematiese teologie eintlik sy vakgebied is, maar omdat daar geen dosent vir praktiese teologie in St Petersburg was nie, en amper geen akademiese literatuur in Russies nie, het hy ingestem. Hy kon gelukkig 'n klomp kenners in Suid-Afrika kontak vir raad, onder andere Coenie Burger, Malan Nel en Jurgens Hendriks.

Annes het 'n lang pad gestap tot in Rusland. Hy is in Lambertsbaai gebore, later studeer hy aan eers die Universiteit Stellenbosch en later die Universiteit van Suid-Afrika.

Hy was jare gelede vir meer as 15 jaar lank in die gemeentebediening in die NG Kerk – in Prieska en Windhoek – en daarna vir 10 jaar in die akademiese wêreld, waar hy onder andere direkteur was van die Ekumeniese Instituut aan die Universiteit van Namibië en medeprofessor in Sistematiese Teologie by die Universiteit van Zoeloeland. Daarna was hy vir 'n tyd lank predikant in Noord-Ierland.

Dit is dan ook die sinode van die Presbiteriaanse Kerk in Ierland, waar hy 12 jaar lank in die bediening was, wat hom uiteindelik na Rusland gestuur het en in wie se diens hy steeds is.

Annes is in Suid-Afrika bekend as die skrywer en medeskrywer van 20 boeke en vertaler van drie ander boeke, insluitende Dietrich Bonhoeffer se boek: *Wat dissipelskap kos*.

Van sy publikasies sluit in *Hanteer*

depressie, Net jollie goeie mense, Op soek na God ... buite die kerk, Sewe woorde wat jou lewe kan verander en verskeie Bybeldagboeke.

Hy en Olga is al 18 jaar getroud. Sy is eintlik 'n ingenieur, maar het vir 'n reisagentskap gewerk toe hulle mekaar destyds ontmoet het.

Olga vertel hoe sy grootgeword het as 'n atëis: "Ek kon nie glo dat enigiemand in iets bo-natuurlik kon glo nie," sê sy. "Ons is grootgemaak dat godsdiens 'n klomp nonsens is!"

Sy vertel hoe sy bloot 'n nominale lidmaat van die Russies-

Ortodokse Kerk was, hoe dinge in haar lewe verander het toe sy vir Annes ontmoet het en hoe sy vandag 'n passievolle volgelinge van Jesus is. Sy het jare gelede, voor sy geweet het wat voorlê, 'n meestersgraad gedoen wat fokus op Russies-Engelse vertaling. Olga

sê sy sou nooit kon dink sy gaan eendag saam met haar man by 'n universiteit in haar eie land werk nie. Dit is vir haar 'n wonderlike voorreg om saam met Annes in die bediening te wees.

Meer as een keer merk Annes op dat hulle God se hand so duidelik kon sien in al die dinge wat gebeur het op hulle pad tot in St Petersburg.

Daar bestaan byvoorbeeld 'n besonderse goeie ooreenkoms tussen die Russiese en Suid-Afrikaanse regerings om mekaar se akademiese kwalifikasies te erken – en bo alles is hy met 'n Russiese vrou getroud!

Olga vertel dat Rusland deesdae al minder oop is vir buitelanders. "Behalwe vir Suid-Afrikaners," sê sy. "Hulle is baie oop vir mense van Suid-Afrika."

Annes lag en vertel hoe hy soms verstom staan voor die ironie. Wie sou kon dink dat iemand wat 'n NG dominee was toe ons destyds oorlog moes maak teen die Russe in Angola, wat van kleins af gewaarsku is teen die "Rooi gevaar", vandag 'n klomp van sy studente uit St Petersburg op 'n teologiese toer begelei om te kyk wat doen die NG Kerk met betrekking tot sosiale geregtigheid en versoening!

Ek vra hom uit oor die studente se belewenis van die kerk in Suid-Afrika en Namibië.

Die enorme gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika was vir hulle ontstellend, vertel Annes, maar daar was ook verwondering vir die praktiese manier waarop die kerk op die grond

betrokke is. Baie gemeentes in Rusland is na binne gerig.

Hy en Olga vertel hoe baie die toer vir die studente beteken het. Die een student het geskryf dat hy totaal verwonderd staan voor die feit dat die eintse kerk wat so integraal deel was van die totstandkoming en instandhouding van apartheid, vandag so baie doen met betrekking tot versoening en uitreik na die armes in die samelewing.

Een van die hoogtepunte van hulle toer was die besoek aan Worcester waar hulle vir ds Hans Steyn ontmoet het. Hy het hulle voorgestel aan 'n verskeidenheid stemme in die plaaslike gemeenskap. Hulle het van Stefaans Coetzee se storie gehoor, die bomontploffing destyds in Shoprite, van die gemeentes se betrokkenheid by die versoeningsproses en die Worcester Peace Train.

Hulle het ook projekte in Durban-

ville, Ysterplaat en in die middestad van Kaapstad by Groote Kerk besoek, waar hulle die hande en voete van die kerk vir mense in nood eerstehands kon sien.

Christene se betrokkenheid by armoede, verslawing, rekonsiliasie en ander sosiale kwessies het 'n groot indruk op hulle gelaat, vertel Olga en 'n mens kan die opgewondenheid in haar stem hoor.

Die laaste deel van die toer was in Namibië waar hulle die studente vir 'n paar dae Etosha toe geneem het om iets van die Afrikanatuur te laat beleef.

"Ons het destyds grootgeword met sekere voorveronderstellings oor die mense van Rusland," sê Annes, "maar ek beleef hulle as wonderlike mense wat die regte ding wil doen, vriendelike, gasvrye mense. Ek het 'n geestelike familie in Rusland gevind."

► *Dr Jaco Strydom is predikant in die NG gemeente Villieria in Pretoria.*



Dr Annes Nel en sy vrou Olga.

Foto's: Verskaf

Trauma: Die eie en die groep s'n

Op bladsy 3 van hierdie uitgawe berig ons oor die skokkende voorval in Secunda waar 'n dominee handgemeen geraak het met 'n inbreker ten aanhore van meer as dertig ander dominees wat via Zoom ingeskakel was vir 'n webinar oor onder meer kollektiewe trauma.

Ds Sam Heine is beseer, maar het aan *Kerkbode* genoem dat die uitkoms veel erger kon wees. Hy doen beradingswerk vanuit 'n praktyk by sy huis en op ironiese wyse moes hy skielik as geneesheer homself genees deur hierdie trauma te probeer verwerk.

Sy mede-deelnemers, hoewel geografies ver verwyderd van die gebeure, was ewe geskok, blyk dit. "Die werklikheid van misdaad het op traumatiese wyse deel van ons groep geword," het ds Danie Mouton, een van die deelnemers, na die tyd in 'n boodskap aan die groep geskryf. "Ons is so dankbaar dat Sam nie ernstig beseer is nie."

Vir Heine was daar troos te vind in die feit dat hy "n *shot* of twee ingekry het" voor die inbreker – wat met 'n skroewedraaier gewapend was – laat spaander het. "Dit gaan oor veg, vries of vlug," het Heine verduidelik.

Nabetragting by trauma (het ek flink gedink? / was ek roekeloos? / het ek gedoen wat ek kon?) is dikwels nie 'n eenvoudige proses met 'n begin, middel en einde nie. Dit kan in sommige gevalle tot diep berou lei. In ander gevalle, so vertel 'n kenner, tot skaamte, daardie bitter swaar emosie. En soms is die ietwat mitiese "closure" waarvan 'n mens gereeld hoor, nogal ontwykend.

Wat 'n mens teruglei na die rede hoekom dertig mense in die eerste plek op 'n Donderdagoggend voor Zoom ingeskuif het: om te leer oor trauma. Hoe dit vasgevang kan raak in persone, maar ook in groepe. En hoe dit mettertyd ons stories word.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Joernalis: Jacobie M Helena

Tel 072 828 9760

E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemerking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Nelis Janse van Rensburg

GEDAGTES OOR KERKWEES



Die medium is die boodskap

Die Covid-19-pandemie het die kerk behoorlik uitgedaag. En die kerk het dadelik die uitdaging aanvaar. Toe eredienste in Maart 2020 verbied word, was die kerk blitsvinnig om die digitale media in te span. Die boodskap moes immers uit. Meer tyd is spandeer aan Sondae se aanbiedings as ooit tevore. Die regte medium en verpakking sou immers goeie kykertaal verseker. Lidmate het skielik 'n wye keuse van eredienste gehad. Kompetisie vir marktaandeel was dadelik baie groter as ooit. Dit was 'n tyd van nuwe oorlewingsgedrewe aksies soos selde vantevore.

En natuurlik het die kerk uitgereik na ander. Daar is gou gesê dat die kerkgebou toe is, maar die kerk oop ... oop vir diensbaarheid, oop vir uitdeel en versorging. Dit het aanvanklik goed geklink. Maar die vraag is myns insiens nou of die kerk nie onbedoeld net soos baie ander 'n produk begin verkoop het nie? Het die kerk nie begin val vir siellose bemarkingstrategieë nie ... met lewendige stroming en DVD's en clips en leermateriaal en aanlyn byeenkomste en kursusse nie? En het daar nie moontlik subtiel 'n verskuiwing plaasgevind weg van die inhoud van ons boodskap na die bevrediging van die aanbieder nie?

In 'n gekommersialiseerde kerk, so glo ek, word geestelike leierskap dikwels vervang met bestuursvaardighede, geloof in God se voorsienigheid maak plek vir strategiese beplannings, spontane gemeenskap word vervang met georganiseerde byeenkomste en gevorderde vaardighede neem die plek van die gawes van die Gees. Het ons vereenselwiging met die strategieë van buite die kerk nie tekenend geword van ons geloofsarmoede en gebrekkige fokus op God nie?

Ek weet nie wat die antwoorde op hierdie vrae is nie, maar dit is nou die tyd om goed daarvoor te besin. Ons moes 'n jaar gelede vinnig reageer op die uitdaging, en ons het. Maar het ons in die roesemoes van die pandemie die regte keuses gemaak? Het ons ge-graviteer na ons geloofsidentiteit, of



“Ons eie Andrew Murray se leuse was 'gebed, roeping en diens'.”

ons natuurlike identiteit as soekers na aanvaarding en bevrediging van mense? Het ons verhouding met die drie-enige God gebaat by alles wat ons gedoen het, of skade gelei?

Ons kan so fokus op diensbaarheid dat ons aanbidding in die erediens en in ons binnekamer totaal in onbruik raak. Sien ons dit, onthou ons, weet ons nog dat sonder aanbidding diensbaarheid maar net 'n vorm van humanisme kan word? Sonder die aansit by die tafel van die Here kan die Christelike gemeenskap maar net nóg 'n sosiale verskynsel word. Sonder 'n voortdurende herinnering aan die teenwoordigheid van die opgestane Here Jesus in ons midde kan die kerk 'n godsdienst sonder God word. Die ergste wat kan gebeur is selfs dat God met omgee en liefde vervang kan word.

In liturgie en aanbidding kom God ons op 'n misterieuse wyse persoonlik tegemoet. In die tyd van aanbidding spreek Hy tot ons en raak Hy ons aan. Dan gee ons in melodieë en woorde uitdrukking en struktuur aan ons bewondering vir, en verlange na God. In aanbidding word ons herinner aan en bewus van ons afhanklikheid van God alleen. In aanbidding word die kruisiging en opstanding van Jesus Christus 'n lewensopeisende werklikheid. In aanbidding beleef ons ons gegrepenheid. En ja, aanbidding sonder die Woord ontspoor al te maklik in nuutskappings van die verbeelding. Suiwer aanbidding en die hoor van God se Woord het alles met mekaar te doen.

Die Christelike kerk verraa die samelewing wanneer dit slegs 'n weer-spieëling van die werklikheid buite die



Hans Küng se reis met vernuwing

plek van aanbidding word. Hierdie verraad kan baie vorme aanneem. En dan is dit juis dikwels as gevolg van die aantreklike vorm daarvan dat die misleiding plaasvind. Die vorm word die boodskap. Dan verkondig ons 'n beter wêreld, nie 'n nuwe lewe in Christus nie.

Natuurlik het aanbidding direkte implikasies vir ons lewe. Stanley Hauerwas sê Christelike aanbidding leer ons om in die regte rigting te kyk. Etiek is eerstens 'n manier om te kyk voordat dit 'n kwessie van doen is. Die etiese taak is nie om eerstens te bepaal wat reg of verkeerd is nie, maar om jou te leer om te sien. Dit verklaar waarom, in die kerk, baie tyd en energie bestee word aan aanbidding. Douglas John Hall se boek *When you pray* se subtitel sê dit so mooi: *Thinking your way into God's world*. Die nadenke oor God die Vader se sorg, en oor die lewe, kruisiging en opstanding van Jesus Christus, en die troos en lewegewende werk van die Heilige Gees laat ons anders na die wêreld kyk. Nicholas Wolterstorff skryf in 1989 in sy *Liturgy and justice* dat God se heiligheid die fokus van ons liturgie en aanbidding is. En dan sê hy dat daar geen skeiding tussen heiligheid en geregtigheid is nie. "God se geregtigheid is 'n manifestasie van sy heiligheid; ons geregtigheid is 'n weerspieëling van God se heiligheid." Aanbidding het alles met die lewe te doen.

'n Mens kan nie help nie om te dink aan die 5de eeuse spreuk wat lui *lex orandi, lex credendi, lex vivendi*. Die wet van gebed is die wet van geloof is die wet van die lewe. Hoe ons bid het alles te doen met hoe ons glo en hoe ons leef. Ons eie Andrew Murray se leuse was "gebed, roeping en diens".

Ons moet nou dieper dink oor die belangrikheid van aanbidding en liturgie vir hoe ons glo en hoe ons leef. Ons ontmoetings met God en met mekaar in ons samekomste moet nou weer bedink word. Glo ons nog dit wat ons altyd daarvoor geleer het? Ons kan nie maar net toelaat dat ons eerste reaksie op die uitdaging van die pandemie ons ontnem van die hart van ons geloofsluwe nie. Ons kan ook nie toelaat dat ons aanbidding 'n weerspieëling van die tydsgees word nie. Dit sal fataal wees. Aanbidding en geestelike gemeenskap is die medium en die medium is die boodskap. ► *Ds Nelis Janse van Rensburg is predikant van die NG gemeente Welgemoed en voorsitter van die Algemene Sinode se moderamen.*

Die vermaarde Duitse teoloog Hans Küng het onlangs op die ouderdom van 93 gesterf. Leopold Scholtz kyk na wat sy bydrae so besonders maak.

Hans Küng was 'n aartsvoorbeeld van iemand wat weens 'n diep loyaliteit aan 'n instelling – in sy geval die Katolieke Kerk – gerebelleer het. Sy strewe om die Kerk te moderniseer het hom behoorlik na aan die gematigde Protestantisme gebring.

Küng is in 1928 in die Switserse Luzern gebore, maar het die grootste deel van sy professionele loopbaan as hoogleraar in die ekumeniese teologie aan die Universiteit van Tübingen deurgebring. Hy was maar 32 jaar oud toe hy dié aanstelling gekry het.

Een van die grootste invloede op hom was die groot gereformeerde teoloog Karl Barth, oor wie hy sy doktorsale proefskrif geskryf het. Dit was 'n kragtige dryfkrag in sy latere ekumeniese oortuigings, dat geen enkele kerk op die volle waarheid aanspraak kan maak nie. En uiteindelik het hy ook waarheidsmomente in ander godsdienste ontdek.

Een van die boeke wat hy daarvoor geskryf het, *Christ sein* ("Christenwees"), het 'n groot invloed op my gehad. Hy maak dit op 'n baie nugter en gematigde wyse aanneemlik dat die Jesus Christus van die Evangelies nie só ver van die historiese Jesus van Nasaret staan nie, al erken hy dat die vier Evangelieskrywers "betrokke en betrekkende" (*engagiert und engagierende*) skrywers was wat primêr 'n heilsboodskap wou verkondig.

Hy maak ook die punt dat ons eintlik baie meer weet van Christus se lewe as van mense soos Mohammed of Boeddha.

Die boodskap het hy herhaal in sy boek *Existiert Gott? Antwort auf die Gottesfrage der Neuzeit* ("Bestaan God? Antwoord op die Godsvraag van die huidige tyd"), waarin hy skerp kritiek op die Kerk uitgespreek het. Hy het sy pyle gerig op die streng hiërargiese Rooms kerkstruktuur, waar die Pous en kardinaals 'n byna militêre dissipline handhaaf, onder meer deur die "valse" leer dat die Pous se dogmaties-teologiese uitsprake "onfeilbaar" is.

Hy het ook beswaar gemaak teen die selibaat en die verbod op die vrou as priester.

Dit het daartoe gelei dat die uiters konserwatiewe pous Johannes Paulus II Küng se onderwysbevoegdheid in 1979 namens die Kerk gekanselleer het. Die direkte aanleiding was nog 'n boek van hom – *Unfehlbar? – Eine Anfrage* ("Onfeilbaar? 'n Vraag").

Later het hy dié proses beskryf as "die vier slegste maande in my lewe, wat ek selfs my mees verbitterde teenstander nie toewens nie".

Omdat Küng in diens van die Universiteit van Tübingen was, en nie van die Katolieke Kerk nie, kon dit hom nie keer om verder lesings aan te bied nie, maar dan nie met die gesag van die Kerk agter hom nie.

Ná sy aftrede, in 2009, het Küng sy persoonlike geloofsbeledenis in die boek *Was ich glaube* ("Wat ek glo") gepubliseer. Daarin betuig hy respek vir ander gelowe, soos die Boeddhisme, die Islam en Confucianisme, maar hou hy nietemin aan sy geloof in Jesus Christus vas.

Johannes Paulus se opvolger, Benediktus XVI ('n gewese kollega in Tübingen), het Küng weliswaar as een van sy eerste dade in 2005 vir 'n vier uur durende gesprek ontvang, maar die twee kon mekaar nie eintlik vind nie.

'n Ander gewese Tübingense kollega, prof Karl-Josef Kuschel, het Küng se houding as "oer-Christelik" beskryf. In baie gevalle het dit tot rebellie teen die Rooms Kerk gelei.

Betreffende die skandaal oor seksuele misbruik deur priesters, het Kuschel aan die Südwestrundfunk gesê, het Küng met 'n "mengsel van toorn en vertwyfeling" toegesien hoe die Kerk die spoor byster raak. "Pleks van om 'n profetiese stem te wees, die gewete van die nasie, veral in die aangesig van die pandemie, het die Kerk sy geloofwaardigheid verspil" – en dit het Küng baie pyn besorg.

Kuschel meen Küng wou die geloofwaardigheid van die Christelike boodskap in die wêreld herstel deur 'n ope dialoog met sekularisme en ander godsdienste aan te gaan.

In verskeie boeke en ander publikasies was sy standpunt dat godsdienste oor die algemeen 'n bydrae tot wêreldvrede kan lewer, maar slegs wanneer hulle daarin slaag om min of meer konsensus oor waardes en norme te bereik. Dit beteken dat hulle noodwendig 'n dialoog, gebaseer op wedersydse respek, moet voer.

Küng kon homself emosioneel nooit heeltemal van die Kerk losmaak nie, al het die kerkowerheid hom ten slotte nie meer as Rooms-Katoliek beskou nie. Tog het talle van Küng se teologiese standpunte taamlik naby aan protestantse en selfs Calvinistiese denkbeelde gekom, al het hy nie die dogmatiese benadering van konserwatiewe gereformeerdes gedeel nie.

Soos selfs die ortodoks-gereformeerde *Reformatorsch Dagblad* dit stel: "Rome beskoude Küng as een liberale protestant die feitlik in het kamp van de Reformatie zat. Küng legde een modern-protestants accent op de Jezus van het Nieuwe Testament in plaats van op een christologie 'van boven'; een tweenaturenleer, zoals verwoord in de oudkerkelijke concilies".

Hans Küng was 'n vernuwer wat nie in sy eie land geëer is nie.

► *Dr Leopold Scholtz is Kerkbode se medewerker in Europa.*

“Küng kon homself emosioneel nooit heeltemal van die Kerk losmaak nie, al het die kerkowerheid hom ten slotte nie meer as Rooms-Katoliek beskou nie.”

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Finansiële impak van die pandemie op gemeentes: Beroepbare predikante en propo- nente as 'werkloses'

Daniël Louw van Universiteits-
oord, Pretoria skryf:

Die berig met betrekking tot die finansiële impak van die pandemie op gemeentes verwys. Hiermee probeer ek weer 'n lansie breek vir die beroepbares, alternatiewelik die werklose groep predikante in die kerk en die impak in hulle lewe. Ek dink hierdie groep

predikante behoort deel te wees van die gesprekke en statistieke. Die direkte impak is dat bykans alle erediens- en verlof-aflosgeleenthede (wat broodnodige broodgeld is en geleenthede is om die broodnodige kontak te behou met die bedieningspraktijk) van hierdie groep net eenvoudig weggeval het. Die werklikheid dat daar wel verminderde

inkomstes in 'n aantal gemeentes is en, al is dit klein, 'n persentasie gemeentes dit nie gaan oorleef nie, het 'n dodelike nagevolg, nie net op die bedieningsroeping van die werklose predikant nie, maar ook sy menswees en in geheel impakteer dit ook op die kerk. Die gedagte dat slegs die plaaslike kerkraad na sy beroepbares moet omsien is nie voldoende nie. In sy

navorsing en berigging behoort die kerk en spesifiek die volledige predikantekorps as kollegas van mekaar aandag te gee aan die groep werkloses onder ons. Let wel, emeriti of gepensioneerd tel nie as beroepbaar en/of as werkloos nie en kerkrade behoort veel eerder aflosgeleenthede en kontrakposte te gee aan beroepbares.

Nou voel leser sleg hy't nie ander se in- skrywings ge-like nie

Dr Jannie le Roux van NG Kerk
Gordonsbaai skryf:

Ek lees deur al die e-poswense vir voorspoed met my komende rugoperasie. In die agtergrond speel Griekse musiek, 'n herinnering aan ons bootvaart tussen die Griekse eilande. Ons speel dit gewoonlik as ons nostalgies is of hoop daar kom weer goeie tye,

of sommer net verlang na vreemde plekke en goeie vriende om die ondervindings mee te deel.

Tussen al die mededelings van goeie wense is daar ook die wense van mense van wie ek in die afgelope tyd nie seker was of ek hulle goed moet like of wys dat ek dit lees nie. Ek het myself nog altyd as 'n bedienaar van die versoening geag. Maar die laaste paar jaar was dit of ek moes kies vir of teen iemand se standpunt en dus ook hulle as persoon, binne die kerklike debatte. Ons weet van al die debatte binne die kerk. En ek

is lief vir my broers en susters en die kerk. Eintlik het ek hulle as persoon nog altyd ge-like, maar dit is asof ek nie hulle standpunt los van hulleself kon maak nie. Dus het ek nie enige reaksie op hulle Facebook-posts gelaat nie.

So vanaand voor my operasie voel ek skaam dat ek dit wat ek van hulle posts gehou het, nie die Like-teken gegee het nie. Al verskil ek van hulle standpunt in die groot debat. Skaam dat ek bang was ek word as iemand vir of téén geag net omdat ek 'n stukkie van hulle waarheid van die oomblik like.

Een maak die mooiste, positiefste lekker-slaap-posts. Ander ene doen goeie Bybelstudies maar stoei met die kerk se standpunte oor 'n kontroversiële onderwerp. Ander neem eintlik sterk standpunt in oor goed waarmee ek saamstem, maar nog altyd het ek ter wille van die eenheid liever stilgebly.

My droom was nog altyd dat ons ten spyte van al ons verskille steeds sal omgee vir mekaar, al like ons nie alles nie.

Dankie vir almal wat ten spyte van wie ek is, tóg sterkte gesê het. Julle help my en gee my moed!

GASSKRYWER

Die prediking is vandag in 'n krisis

1 Tessalonisense 2:1-16

Die prediking is deesdae in 'n krisis vanweë verskillende redes, meen HENNIE LE ROUX. In hierdie gasrubriek noem hy 'n paar.

Omdat ons in 'n tyd lewe dat mense nie meer in 'n god glo wat buite die mens en sy werklikheid om bestaan nie. Hoe sal hulle dan ooit aanvaar dat die woord wat gepreek word die woord van God is? Dit bly maar net vir hulle 'n woord van 'n ander mens. Dit laat die prediking sy krag verloor.

Omdat mense van ons tyd geen absolute waarheid meer aanvaar nie. Elke mens moet maar vir homself besluit wat is waar en goed vir hom. Hoe sal hulle dan kan aanvaar dat God deur die prediking vir hulle aanspreek om sekere dinge te doen en ander nie; om sekere dinge te glo en ander nie? Die mens besluit mos self!

Omdat daar in die geloofsgemeenskap ook mense is wat standpunte van mense van ons tyd huldig. Daarom kan hulle onder andere nie aanvaar dat Jesus

uit 'n maagd gebore is, dat Hy wonderwerke gedoen en dat Hy uit die dood opgestaan het nie. Hulle glo nie die uittoeg uit Egipte het plaasgevind nie en wil niks weet van profesieë in die Ou Testament nie. Hierdie mense sê dit dan ook prontuit. En die predikant wat moet preek, het mense in die gehoor wat saamstem of deur sulke mense se lering deurmekaar gemaak is.

Omdat die geloofsgemeenskap toegelaat het dat die kennis van die Bybel die voorreg en taak van geleerde mense geword het wat wil bepaal wat geglo en

gepreek en wat nie geglo en gepreek kan word nie. Die geloofsgemeenskap het maar weer soos voor die Hervorming die Woord verloor aan "ingeligtes". En talle gelowiges aanvaar dit maar gelate. Sommige voel minderwaardig. Of hulle het nie meer tyd nie of maak nie meer tyd om self die Bybel intensief te bestudeer nie. Hulle vertrou die Here nie meer om deur sy Gees ook vir hulle die waarheid van die Woord oop te breek nie. Hulle moet maar met melkkossies gevoer word. Hoe moeilik word die prediking nie in so 'n situasie nie!

Omdat die gelowiges nie meer self met die Woord besig is nie en omdat hulle nie die gepredikte woord as die woord van God weeg en aanvaar nie. Dit gaan mos deesdae oor watter predikant die aanvaarbaarste preke preek. Hy of sy moet slim wees en verkieslik "goed" preek, en moet volgens menslike standarde geskik wees. Daar moet nie iets aan hom of haar wees waarvan die mense nie hou nie. Sê hulle iets in 'n preek waarvan ek nie hou nie, vat ek my goed en loop na 'n ander kerk toe. 'n Gestry ontstaan oor allerlei sake, terwyl die behoud van die waarheid van die Woord op die agtergrond geskuif word.

Omdat sommige van die geloofsgemeenskap, nou dat die prediking nie meer as woord van God ontvang word nie, hulle godsdienstbeoefening toespits op die sing en die doen; doen in die vorm van hulpverlening en liturgiese aksies. Ons raak demonstratief en dit kan maklik ontaard in konsert of vertoon in plaas van aanbidding van die lewende God. Hoe sal ons God reg aanbid as ons Hóm nie meer hoor praat



Ds Hennie le Roux op die preekstoel.

Foto verskaf

Lees verder op bl 9

Don Quijotes op die kansel

CAS WEPENER

In 1965 het André P Brink Miguel de Cervantes se roman *Don Quijote*, oftewel *Die vindingryke ridder Don Quijote de la Mancha*, uit Spaans in Afrikaans vertaal. In sy voorwoord tot die vertaling skryf Brink dat die verhaal oor die omswerwing van die dolende ridder Don Quijote en sy agterryer Sancho Panza, die leser soms laat skaterlag, maar dat die roman soveel meer bevat as net 'n snaakse storie.

Don Quijote gaan oor die wese van die mens, die mens as "dromer én realis, harlekyn én filosoof". Volgens Brink beliggam hierdie ridder iets van die mens wat "skeppend glo teen alle redelike bewyse in". In die roman bestorm Don Quijote hoofstuk na hoofstuk iets of iemand anders, byvoorbeeld windmeulens wat hy aansien vir gevaarlike reuse, maar beland telkens daarna weer wreed in die werklikheid, soms op sy agterste-we. Daarom is hierdie roman eintlik 'n soort tragedie wat die mens voor die vraag plaas: Wie is nou eintlik mal? Mense met geloof, geloof wat verbeelding en hoop en liefde teen alle haat in insluit; geloof wat meer sien en ook dit wat kán wees sien, is hulle mal? Of, is die mense wat net die werklikheid waarin ons leef sien en as die norm aanvaar; wat bereid is om met die sisteme wat ons lewe beheer verlief te neem en om onderdrukking en uitbuiting as redelik te aanvaar, is hulle die malles?

Ja, die lewe is gevul met die realiste en die malles, dié wat meer sien as wat die oog kan waarneem en dié wat slegs sien wat die oog kan waarneem. Aan die einde van een van die avonture waartydens Don Quijote en Sancho Panza nogeens 'n bloutjie loop, merk die ridder teenoor sy agterryer op: "Wonde wat 'n mens in die stryd opdoen, verleen eerder eer as wat dit aan jou af-

breuk doen." En daarna ontstaan opnuut 'n geredekawel tussen die realis Panza en die dromer Quijote of die gebou wat hulle in die verte sien sommer net 'n armsalige herberg is, en of dit eerder 'n pragtige kasteel is. Sancho hou vol dat dit 'n herberg is, terwyl sy baas bly sweer dat dit 'n kasteel is.

In ons midde is daar ook mal mense, mense wat gewoon nie bereid is om sommer net met die sogenaamde werklikheid verlief te neem nie, wat dan ook wonde in die stryd opdoen, maar wat ten spyte daarvan, aanhou droom en die kasteel in die herberg sien.

Dit is 'n baie ou tradisie in die letterkunde om diegene wat waag om te droom dat die werklikheid anders kan wees, as ietwat koddig, potsierlik en vreemd in die oë van die wêreld uit te beeld. In Afrikaans het Anna M Louw dit ook gedoen. In die alledaagse lewe herken ons hulle egter nie so maklik soos 'n dolende ridder in 'n roman, of soos 'n hanswors in 'n sirkus nie. Soms lyk hulle so normaal soos die plaaslike predikant.

Inderdaad, in die kerk het ons ons eie malles, mans en vroue wat spesiaal opgelei word in mal-wees, 'n mal-wees wat behels om anders te kyk, te wees, en te doen binne die sogenaamde werklikheid. Ons noem hulle dominees. Self voel ons dikwels soos Sancho en wil ons by hulle pleit, "asseblief, dis 'n windmeul, nie 'n reus nie, en jammer, maar dis net 'n herberg, nie 'n kasteel nie." Ten spyte van ons pleidooie, hou hulle skouerophalend

aan met hulle "dwaasheid" deur keer op keer na die kruis te wys en vir ons die wêreld geraam deur die kruishout te laat sien; vir ons so te laat verstaan dat in die oë van God die laastes eerste is, dat treurendes geseënd is en dat geregtigheid soos waterstrome te midde van die ongeregtigheid gaan aanrol. Hulle anders-

kyk is 'n spesifieke kyk, 'n kyk wat ons opnuut ook na onself en die wêreld laat kyk, ons ons lewe laat spieël in die Woord, 'n Woord wat die werklikheid ontwig.

Dit is einste die priesters wat ons help om die liturgie op só 'n wyse te vier dat Augustinus se uitspraak dat die liturgie die steierwerk van die hemelse stad waarop ons hoop is, vir ons waar word. Hulle preek, en daardie woorde perforeer ons werklikheid en laat ons Sondag na Sondag die imposante kasteel in die nederige herberg raaksien en God se beeld in die mees weerlose mense in ons midde. Hulle eredienste en preke is kunswerke, en soos Charles Campbell en Johan Cilliers met verwysing na Picasso in hulle briljante boek *Preaching fools* tereg skryf, "kuns is die leuen wat ons die waarheid laat herken". Ja, ons mal dominees ontmasker met hulle eredienste en preke ons werklikheid en laat ons nuut kyk en so nuut leef.

En nee, ek besing nie hulle lof nie, hulle is maar net stofvrouetjies en stofmannetjies wat volg. Wat die Een op die donkie volg wat teen alle redelikheid in op daardie eerste Palmsondag die toenmalige werklikheid, die "redelikheid" van 'n koloniale Romeinse oorheersing en ander vorme van onderdrukking,

uitgedaag en flenters gery het. Tog het ons hulle juis nou nodig, hierdie mal dromers wat aanloop agter die Man op die donkie en met elke erediens en elke preek nog 'n palmtak van woorde op die pad van geloof neersit en daarmee sê: "Volg Hom en sy werklikheid".

Mag ons almal, soos die mal ridder Don Quijote, en die mal dominees in ons gemeentes, aanhou droom, aanhou hoop, aanhou glo. Die boodskap van die kruis, onsin, dwaasheid, twak vir die wêreld, maar vir dié wat meer sien is dit die krag van God. Soos Bethel Müller telkens vir ons in die klas gesê het wanneer hy vir ons iets oor die erediens en die prediking wou verduidelik: "Julle moet die mense help om elke week opnuut in die regte rigting te kyk." Jy moet egter effens mal wees, om in ons werklikheid daardie rigting te kan aandui.

Ja, toegegee, soms word 'n mens vies vir die dominees, want hulle roer my veilige wêreld wat ek koester wanneer hulle my lewe met die kruis raam. Hulle noem ongeregtigheid op die naam (soms was ek nie eens bewus daarvan dat ek deel van 'n onderdrukkende sisteem is nie); hulle wys my telkens dat ek tel onder die maghebbers van die wêreld (wat?); hulle wys my daarop dat ek dink ek is die middelpunt van die wêreld en dat ek na die wêreld kyk asof almal soos ek lyk en soos ek dink (toe nie!). Maar as hulle nie die spieël van die Woord voor my gaan ophou sodat ek myself en my plek in hierdie wêreld in God se perspektief kan sien nie, wie gaan?

● Vir predikers wat belangstel: lees gerus Campbell & Cilliers se *Preaching fools*; Travis se *Postcolonizing preaching*; Wessel Wessels se proefskrif *Postcolonial homiletics*?

► Prof Cas Wepener doseer praktiese teologie aan die Universiteit Stellenbosch.



Van bl 8

nie? Dan kan ons maar net sowel besig wees met die dien van 'n stom(me) afgod.

Omdat sommige bedienaars van die Woord hulle eie gedagtes en uitleg as die woord van God voorhou; omdat hulle die eer van mense soek en mense wil beïndruk; omdat hulle verkeerde motiewe het en selfs omdat God nie vir hulleself 'n lewende werklikheid is nie.

Wat nou?

Ek bid om die groeiende oortuiging dat ek self wel in die lewende God glo! Net wanneer my persoonlike verhouding met Hom reg is, sal ek wat in die geloofsgemeenskap grootgeword het, bereid wees om die prediking te aanvaar as die woorde van God wat na my toe kom. In

die mens wat nog nie glo nie, werk die Heilige Gees die oortuiging om die prediking wel as die woord van God te aanvaar en in God te glo sodat sy of haar lewe steeds meer verander word na die beeld en gelykenis van die Here Jesus Christus. Waarom sou ek dink dat ek sonder die werk van die Gees God se Woord verstaan? Dat my lewe maar dieselfde kan bly? Ek vra God om my deur die werk van sy Gees meer en meer ontvanklik te maak vir sy Woord.

Ek bid vir die bedienaars van die Woord. Hulle moet in 'n lewende verhouding met die ware God staan. Hulle moet die moed kry om sy Woord deur die woord van die prediking na die gemeente toe te bring. Ek bid dat die geloofsgemeenskap hulle genoeg tyd sal

gee en gun om met die Woord en die God van die Woord besig te wees.

Ek neem uit persoonlike oortuiging standpunt in teen verkeerde leringe. Ek lees en bestudeer die Bybel self en groei tot volwassenheid in my geloof. Ek gaan na dienste toe met die verwagting om God se woord te hoor in die stamelende woorde van die prediker. Ek toets daardie woorde aan die waarheid en verwelkom dan daardie woorde in my hart. Ek bid dat God my hart daartoe geneë sal maak om met lus te gaan doen wat daardie Woord van God wat ek gehoor het, vir my sê.

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Hy, die Here Jesus Christus, was bereid om in ons plek die straf op ons ongehoorsaamheid aan

die Woord van God, op Hom te neem. Hy het in ons plek aan die kruis gesterf. Laat ons onself kruisig en soos Hy aan die lewende God gehoorsaam wees tot die einde van ons lewe toe.

Die prediking is in 'n krisis vandag

Hoe graag sal ek nie saam met Paulus wil sê nie: "Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys" (1 Tess 2:13).

► Ds Hennie le Roux is emeritusleraar en woon in Krugersdorp.

Die heilige klanke, nuwe g besluite wat ou orrels vir

Vir sommige is dit heilige musiek. Ander vermy eredienste waar dawerende orrelklanke die sang begelei ten gunste van 'n kerkband se byderwetse aanslag. Maar die orrel is nog lank nie stil nie, berig **Jacobie M Helena**.

Ds Bernard Malherbe sien twee uitdagings met orrelmusiek in sy gemeente. Dit is vir hulle amper onbekostigbaar om die orrel in stand te hou. En hy vrees dit sal in die toekoms toenemend 'n uitdaging wees om orreliste te kry wat die orrel goed kan speel.

Hierdie leraar by die NG gemeente Paarlberg is stellig nie die enigste wat al ernstig moes improviseer rondom hierdie roemryke instrument wat dikwels lidmate se musieksmaak verdeel en af en toe gemeentes se bankrekenings 'n behoorlike knou toedien nie. Trouens, Werner Hurter sal jou vertel dat orrelprobleme 'n goeie besigheidsgespeesheid skep. Hy is die eienaar van 'n maat-skappy genaamd Pyporrels. Met kennis wat Hurter met opleiding in Nederland opgebou het, bied sy besigheid gespesialiseerde orrelboudienste in Suider-Afrika, waaronder stemming, onderhoud en opgradering van pyporrels. Maar met sy tegniese agtergrond van die meganika, elektronika en argitektoniese ontwerp van orrels, hoor 'n mens ook dat Hurter meer as orrelinstandhouding doen. Hy wil innoveer.

Maar die orrel is nie vandag se kind nie. Die oudste bespeelbare een ter wêreld is in die Basilika van Valère in Sion, Switserland, skryf prof Theo van Wyk in 'n onlangse bydrae op die webwerf "The Conversation". Dit dateer uit 1435. "Tot die Industriële Revolusie was die orrel en die horlosie die wêreld se twee mees ingewikkelde en komplekse mensgemaakte artefakte," skryf Van Wyk, die hoof van die Kunstedepartement aan die Universiteit van Pretoria.

En praat jy 'n slag self met 'n kenner oor hierdie instrument besef jy gou presies hoe indrukwekkend baie van hierdie instrumente is. In Suid-Afrika is die orrel met die meeste pype (meer as 6 000) in Pretoria se stadsaal. Die grootste orrelkas staan 14 m hoog en 10 m breed in die Veremarksaal, Gqeberha, volgens prof Albert Troskie, emeritusprofessor en voormalige hoof van die Musiekdepartement aan die Nelson Mandela Universiteit. Die twee oudste orrels in SA is volgens hom in die Genadendal Museum (1825) en in die Wes-

leyaanse kerkie op Grahamstad (1832), terwyl die grootste kerkorrel (met elektriese aksie) in die Grootte Kerk, Kaapstad, te hoor is. Die grootste kerkorrel met meganiese aksie is weer by Somerstrandkerk in Gqeberha, aldus Troskie, die skrywer van twee boeke oor pyporrels in Suid-Afrika, *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) en *The pipe organ heritage of South Africa* (2010).

Maar die ware toets en maatstaf van die instrument is tog seker gewoon die klank wat al hierdie pype en kaste voortbring, nie waar nie?

Hester Ackermann raak maklik liries oor orrelklanke. "(Dit) het 'n heilige klank," sê dié orreliste van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria. "Orrelmusiek vat vir my die almag en goedheid van God vas. Dis 'n manier om vir God te verheerlik. As ek voor die orrel inskuif, doen ek dit tot eer van die Here," vertel sy.

Maricus le Grange, die musiekleier en orrelis by die NG gemeente Stellastraat, ook in Pretoria, stel dit in soortgelyke taal: "As jy 'n massa mense kry wat saam sing, is daar iets heiligs aan orrelmusiek in die kerk," meen Le Grange.

Tog deel alle lidmate, leraars en musiekleiers uiteraard nie Ackermann en Le Grange se geesdrif vir orrelmusiek by eredienste nie. Daar woed plek-plek steeds na-trillings van die sogenaamde "worship wars" in sommige gemeentes waar musiekleiers kies om 'n ander koers in te slaan. In die vroeë 2000's is die spanning in die breë kerk oor die verskeie vorme van aanbidding tydens eredienste deur Thomas Long onder die soeklig geplaas. Dié Amerikaanse akademikus se boek *Beyond the worship wars: Building vital and faithful worship* het ook plaaslik met lesers geresoneer.

In die NG Kerk het dié einste spanning rondom orrelmusiek in eredienste en die gebruik van ander instrumente as die orrel immers ook kop uitgesteek. Dit het onder andere gelei daartoe dat verskeie gemeentes gewoon twee eredienste begin hou het. 'n Tradisionele diens waar die orrel gespeel word en meer informele dienste waar ander instrumente soos kitare, baskitare of klavier in 'n band-formaat gebruik word.



Roucher du Toit bespeel die orrel in die Grootte Kerk.

Geleentheid en moeilike moderne gemeentes bring



Foto: Le Roux Schoeman

Dié gesprek is nog nie afgehandel nie. Dit moet trouens deur jongmense hervat word, meen Le Grange. “Aan die een kant is daar die debat om ander musiek, as orrelmusiek, in die kerk te speel. Ons hoor dat dit die mense kerk toe sal lok. Maar ek weet nie. Waar is die bewyse vir daardie stelling?” Le Grange voel dat in die dienste waar die orrel gespeel word die kerkgangers die beste sing en dit ook die dienste is wat die beste bygewoon word. “Die arme orrel kan nie gekruisig word omdat daar ander musiek bestaan nie,” sê Le Grange.

Ackermann voel sterk daarvoor om steeds die orrel in eredienste te gebruik. Sy vertel dat in hulle gemeente alleenlik van die orrel tydens aanbidding gebruik gemaak word. “Ons hou net tradisionele dienste met die orrel. Persoonlik voel ek dat ander musiek in die kerk afbreuk aan die diens doen. Ander tipe musiek in die kerk as orrelmusiek is ’n vervlakking in musiek,” meen sy.

Ds Jandré Viljoen, predikant by die NG gemeente Ceresvallei, verskil van Ackermann. Viljoen, wat jare lank al in verskeie kerkbands speel, bevraagteken gesprekke waar orrelmusiek teenoor ander tipes musiek in die kerk gestel word. “Dit gaan vir my oor die inklusiwiteit van alle vorme van kerkees. Óók wanneer dit by musiek kom. Die vraag is hoe maak ’n mens ruimte vir alle tipes musiek in die kerk. Wat bands nie verstaan nie, is dat ’n band nooit al die frekwensies en spektrum van ’n orrel kan speel nie. Die orrel is ’n unbelievable gift,” meen Viljoen.

Hierdie ‘gawe’ word ook wyer as net in kerkkringe geniet, meen Van Wyk, wat ook sekretaris is van die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV). In Jazz, Rock en selfs in die klankbane van Hollywood-gruwelfilms, kan die orrel gehoor word. ’n Jonger generasie het SAKOV begin vernuwe en bring hulle energie na SAKOV, aldus Van Wyk. Hy sê SAKOV, wat uit byna 1 000 lede bestaan en in 1980 gestig is, word toenemend inklusief.

Intussen, in die Paarl, moet Malherbe steeds moedig musikplanne maak. Hy vertel dat hulle klavierspeler al voor ’n erediens orrelklanke op ’n elektriese klavier getoets het om te sien hoe die kerkgangers reageer. Op dié manier kan hulle die tradisionele orrelklanke in die toekoms deel van die erediens maak vir die dag wanneer hul gemeente die pyporrel in die kerkgebou moet groet. Wen-wen? Of verloor-verloor?




Prof Theo van Wyk.

Foto verskaf



Maricus le Grange.

Foto verskaf



Werner Hurter.

Foto verskaf

Word 'n Bybel-Boodskapper!

Slegs R2 per dag kan 'n reuse-impak maak.

Boodskap vir Vandag is 'n gratis elektroniese “dagstukkie” wat meer as 8 800 lesers daaglik bemoedig, uitdaag, ondersteun en inspireer.

Ondersteun **Boodskap vir Vandag**

Kan jy R1 per dag bydra om **Boodskap vir Vandag** te ondersteun? Miskien R2 per dag, of selfs R5 per dag?

Dink net – vir minder as wat 'n koeldrank of 'n koppie koffie jou elke dag kos, kan jy ons help om medegelowiges op hulle geloofsreis te inspireer.

Ondersteun ons en teken in op **Boodskap vir Vandag!**

Besoek: bvv.bybelmedia.org.za

VERSTAAN die Bybel

Lig wat skyn eerder as vuur wat verteer

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die derde aflewering. Voriges kan gelees word by kerkbode.co.za onder die Dinkstof-hofie in die navigasiekolom.

Die vierde gebeurtenis wat Warren Carter uitlig vir die verstaan van die Nuwe Testament is die Romeinse oornam van Palestina. Na 'n eeu van Joodse onafhanklikheid het 'n burgeroorlog uitbreek tussen twee broers, Hirkanus II en Aristobulus II. Beide het die Romeine genader om militêre hulp en uiteindelik het die Romeine eersgenoemde se kant gekies en word Aristobulus II se magte finaal

verslaan toe die Romeinse generaal Pompejus in 63 vC Jerusalem verower het. Hierop het die Romeine uitgesoekte Joodse leiers aangestel wat hulle belange gedien het. Die vernaamste was Herodes die Grote wat in 42 vC as koning van Juda benoem is. Sy heerskappy is gekenmerk deur geweld deurdat hy etlike lede van sy familie vermoor en opstande genadeloos onderdruk het.

Sommige Jode, soos die Selote, het op die Romeinse oorheersing met geweld gereageer. Ander, soos die Herodiane en Sadduseërs, het weer met die Romeine meegewerk ten einde hulle welvaart te vermeerder. Die gebeure het met verloop van tyd onder sommige Jode die hoop laat opvlam dat God

danksy sy verbondstrou 'n ideale koning sou stuur wat die huis van Dawid sou herstel. Die koning, God se gesalfde, was bekend as die Messias. Die aanspraak van Jesus se volgelingen, dat Hy dié Messias was, moet daarom teen die agtergrond van die Romeinse besetting van Palestina verstaan word.

Dit is vervolgens 'n vraag hoe Jesus as Messias daarop gereageer het. Dit is in dié verband duidelik dat Jesus nie 'n gewelddadige stryd wou begin nie. Hy wou egter wel die geweld en korrupsie van die Romeine en hulle meelopers aan die kaak stel. So leer Jesus dat as 'n Romeinse soldaat jou dwing om sy rug-sak een myl te dra, jy dit vir twee moes doen sodat mense die vergryp kon sien

(Matt 5:41-42). Of as jy verneder word deur 'n klap deur die gesig moet jy die ander wang draai sodat dit herhaal kon word (Matt 5:39). Dieselfde geld as skuldeisers jou onderkleed neem. Gee ook jou bokleed dat dit vir almal sigbaar is dat jy kaalgestroop word (Matt 5:40).

Volgelingen van Jesus moes weet dat alles wat bedek en verborge is in 'n gekaapte land bekend gemaak sou word. Daarom moes hulle eerder die goeie nuus van God se geregtigheid, luidkeels in die openbaar verkondig (Matt 10:26-27). Hulle is dus eerder 'n lig wat 'n donker wêreld belig as 'n vuur wat dit verteer.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

Covid-19: Tyd vir meeloop is verby

JOHAN VAN DER MERWE

Suid-Afrika is vir meer as 'n jaar ingeperk. Terwyl daar aan die een kant wyd en syd verkondig is dat die inperking lewens red, het daar aan die ander kant 'n groter ramptoestand van armoede, werkloosheid en emosionele verwaarlosing ontwikkel. Duisende mense het hulle werk verloor, besighede moes hulle deure sluit, bejaardes is die voorreg van geestelike versorging ontnem en gemeentes het finansiële onherroepelike skade gely. Die gevolge van die pandemie en die wyse waarop die regering dit hanteer het, gaan in die toekoms nog lank by ons spook.

Om lewens te red – en niemand ontken dat die inperking wel gehelp het nie – moes gemeentes gehoorsaam aan

staatsgesag soos nog nooit vantevorenie, op allerlei innoverende maniere 'n pad deur die chaos van die pandemie vind. Toe breek die dag aan waarop die owerheid aan wie ons almal ondanks onsinnige en onverstaanbare reëls gehoorsaam was, daad by die woord kon voeg. Met 'n effektiewe inentingsprogram kon 'n verwagte derde vlaag geker word en kon daar immers meer doeltreffend lewens gered word – en chaos volg! Teikendatums wat verskuif word, regeringsamptenare wat mekaar weerspreek en burokratiese rompslomp wat die vinnige verkryging van die korrekte entstof verhoed, word die lot van miljoene Suid-Afrikaners. Dit kan gewoon nie langer so voortgaan nie. Die

tyd van bloot meeloop en die reëls gehoorsaam is verby! Die NG Kerk sal haar stem by dié van ander kerke moet voeg om te sê genoeg is genoeg!

Dit is egter nie net die huidige chaos wat die NG Kerk uitdaag om haar profetiese roeping in woord en daad te vervul nie. Die geskiedenis help ons om die omvang van die pandemie in die regte perspektief te plaas. 'n Soortgelyke pandemie het Suid-Afrika in September en Oktober van 1918 getref. Tydens die Groot Griep, soos wat dit bekend geword het, het daar in enkele maande meer as 350 000 mense uit 'n totale bevolking van 6 miljoen gesterf – wat 5,8% van die bevolking verteenwoordig het. As dit vergelyk word met die jong-

ste syfers vir Covid-19: 53 000 sterftes uit 'n bevolking van meer as 60 miljoen, wat 0,08% van die bevolking verteenwoordig, vertel dit sy eie verhaal. Die werklike omvang van die pandemie is veel kleiner as dié van die Groot Griep van 1918. Die skade aan mense se lewe is veel groter.

Daarom is die tyd van bloot meeloop verby. Sonder om roekeloos te wees, sal die NG Kerk helder en duidelik teen die huidige chaos moet standpunt inneem. Lidmate wat die afgelope jaar op talle terreine 'n hoë prys betaal het, verwag dit van die kerk.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God

Die kruis: vir ons en mét ons

LOURENS BOSMAN

Tydens Paasfees het ons weer nagedink oor die betekenis van Jesus se kruis en opstanding. Vir baie het dit beteken 'n verdieping van die besef wat Jesus vir ons gedoen het, van die omvang van God se liefde en genade toe Hy sy eniggebore Seun gegee het. Sonder die kruis was dit onmoontlik om in pas te kom met die lewende God, dan was daar geen dans nie. Sonder die kruis het ons ver van God gebly.

Die kruis en opstanding gee ook vorm aan die dans. Die opstanding maak dat dit nooit 'n treurige dans kan wees nie. Jesus leef en ons leef met Hom!

Dit is nie 'n doodsdans nie, dit is 'n dans van lewe en lig.

En tog, hierdie Jesus met wie ons in pas kom, is ook die Een met die merke van die kruis aan sy hande. Die Een wat jou innooi om die dans van die lewe te leer, het Homself oorgegee om gekruisig te word.

Die kruis is nie net iets wat God vir ons doen nie. Die krag van die kruis beteken dat dit mense se lewe omkeer. Die kruis gebeur ook mét jou.

Louis Britz het hieroor 'n baie mooi lied geskryf. Hy sing: "Gee my gekruisigde hande wat gee. Gekruisigde

voete wat loop waar Hy sou loop, van myself gestroop."

Ek dink die laaste tyd baie hieroor: Wat beteken dit om van myself gestroop te wees? Om nie eerstens aan my eie belange te dink nie, maar aan die belange van ander. En ook, hoe kom jy daar? Hoe gebeur dit dat 'n gewone mens 'n lewensritme ontwikkel waarin jy jouself prysgee? Waar jy, soos Jesus, eers aan ander dink voor jy aan jouself dink.

In die week voor Paasfees het ons in die kantoor elke oggend die gedeelte uit 1 Korintiërs gelees waar Paulus skryf

oor die krag van die kruis. Die kruis is dwaasheid en swakheid vir baie mense. Maar vir dié wat gered is, is dit die krag en wysheid van God. Dit is God self wat mense se lewe omkeer, en Hy doen dit deur die kruis (1 Kor 1:18-23).

En so is dit dan met hierdie dans. Selfgesentreerde mense leer die lewensritmes van Jesus, ons word nabootsers van die gekruisigde. Pase herinner ons: In die dans met die lewende God kom ons in pas met die gekruisigde God.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.



Anandie gesels met **DIETER DE BRUIN**



Nagmaal was onderwerp én metode van hierdie dominee se navorsing

Dieter de Bruin beskryf homself as 't ware as "verslaaf" aan die nagmaal. Anandie Greyling het met hom gesels.

De Bruin verwys na Kent Dunnington se werk oor moderne verslaafdes as profete. 'n Verslaafde, verduidelik hy tydens ons onlangse gesprek, wat by Bloss Café in Pretoria plaasvind, is verslaaf aan die integrerende beginsel of praktyk in sy/haar lewe. Alles wat 'n mens doen, draai om die bevrediging van daardie verslawing. Dit is die integrerende ding wat alles saambind.

Hierdie "verslawing" van De Bruin lei tot 'n doktorsgraad wat hy aan die Universiteit van Pretoria in 2016 ontvang. Hy vertel aan *Kerkbode* dat hy, nes baie ander navorsers, sy navorsing aangepak het vanuit 'n plek van verwondheid. Hy het beleef dat "dinge nie is soos dit moet wees nie" en bevind homself op 'n pelgrimstog op soek na die "heilige graal van betekenis en die volheid van die lewe". En vir De Bruin is dit te vinde in die eucharistie. In dié maaltyd, verduidelik hy, is alles ... ook die lewe self!

Die eucharistie, oftewel die nagmaal, is sentraal tot die erediens en eintlik die

wese daarvan, volgens De Bruin. Dit is die volledige gebeure van die erediens. Om te praat van die nagmaal as *deel* van die erediens óf die erediens *en* die nagmaal is om 'n "kategoriefout" te maak. De Bruin beklemtoon dat die eucharistie die konstituering van die erediens is. Hy verwys na Barth se werk en sê dat ons nie die Woordverkondiging en sakramente uitmekaar kan uithaal nie.

Hy verkies die term "eucharistie" bo "nagmaal", omdat dit meer ekumenies van aard is. De Bruin skerts ook deur te sê dit is "n subtiele protes teen ons Goeie Vrydag-nagmaalsteologie".

In sy proefskrif getiteld *Die weeklikse viering van die eucharistie en die volheid van die lewe* lewer De Bruin kritiek op hoe min die nagmaal, spesifiek in NG Kerk-eredienste, gevier word. Hy pleit eintlik vir 'n weeklikse viering. In die proefskrif fokus hy nie soveel op die teologie van die nagmaal nie, maar eerder 'n teologie *met* en *in* die Nagmaal.

Hy verduidelik dat die metodologie van die navorsing in wese was om deel te neem aan die eucharistie. Die eucharistie was beide die onderwerp van die navorsing, asook die metodologie. "Dit was deur die nagmaal te vier wat ek dit nagevors het," sê De Bruin. Dit is hiërdie

hunkering na die volheid van die lewe wat op 'n paradoksale wyse in die eucharistie bevredig word. "Dit les tege-lyk jou dors en laat jou met 'n groter hunkering, omdat dit ten diepste 'n hunkering na God is," sê De Bruin.

"Die hart van die Triniteit is selfgawe en ontvangs," en De Bruin verduidelik verder dat dit die eucharistie is waar ons as mense aan hierdie selfgawe en ontvangs deelneem. Liturgies en liggaamlik beleef mense die openbaring en deelname aan die drie-enige lewe in die eucharistie. "Die doop is hierby inbegrepe," voeg De Bruin by.

Hy gebruik die deugdetradisie van Plato, Aristoteles en Thomas Aquinas om die vorming wat plaasvind tydens die viering van die Nagmaal te verwoord. 'n Deug is dit wat "in jou gevorm word om instinktief en natuurlik op 'n sekere manier op te tree". Hy wonder wat sal gebeur as 'n mens gevorm word deur dié maaltyd. As alles in jou lewe ingerig word deur die viering van die nagmaal.

De Bruin beskryf die ritueel van die eucharistie as die "sakrament van die liefde". In die deelneem aan die eucharistie word 'n mens gevorm in en deur liefde. Hy trek hierdie lyn deur na

geloofsvorming en verwys kortliks in die onderhoud na jeugbediening. Hy meen dat die eucharistie nie "'n hoofstuk van die kurrikulum" is nie. Dit is die kurrikulum!

Hiërdie maaltyd rig ons op die finale doel van ons lewe – *theosis*. Om aan God self deel te neem. De Bruin brei op hierdie gedagte uit deur te sê die eucharistie is die bevestiging en bemiddeling van ons deelname aan God se lewe. Deur die eucharistie meer getrou te vier sal moeilike gesprekke, wat reeds op die tafel is, moontlik anders hanteer word, meen De Bruin. Dié maaltyd het die potensiaal om gesprekke te fokus en te integreer. Dit kan ook 'n effek hê op hoe temas soos voedselsekerheid, die ekonomie en politiek aangepak word.

Ons gesprek keer terug na die tema van "verslawing". De Bruin sluit sy proefskrif af met die hoop dat dit hom meer deugdelik gemaak het. Dat dit hom gevorm het om meer deugdelik deel te neem aan dié maaltyd en om die eucharistie meer deugdelik met ander te deel.

● *Dr Dieter de Bruin is predikant by die NG gemeente Pretoria-Faerie Glen.*

► *Ds Anandie Greyling is jeugwerker by Pierre van Ryneveld Geloofs familie.*

'Ons wond is waar ons heling lê'

Dié nuwe boek beweeg weg van abstrakte denke en gepreke en soek na die konkrete betekenis van die nagmaal, hoor Marileen Steyn by die drie redakteurs van dié publikasie.

"Bodies matter." Dit is die eerste woorde van die gedig "Prolegomenon" in die boek *A body broken, a body betrayed*, deur Marcia W Mount Shoop. Hierdie woorde vorm ook die slagspreuk van die nuwe boek *Broken bodies and redemptive tables: The Lord's Supper and its theological, historical and socio-political dimensions*.

Kerkbode het met Robert Vosloo, Siphon Mahokoto en Marnus Havenga, die redakteurs, gesels oor die betekenis en belang van die (L)iggaam, nagmaal en verlossing.

Die boek, wat op die nagmaal fokus, beweeg weg van abstrakte denke en gesprekke en soek na die konkrete betekenis van die nagmaal binne die unieke

teologiese, historiese en sosio-politese konteks van Suid-Afrika. Dit is om die nagmaalstafel wat versoening en skeiding, uitsluiting en omarming in Suid-Afrika afgespeel het en steeds afspeel. Die nagmaalstafel staan nie in 'n vakuum nie, maar word betree vanuit spesifieke kontekste. Dit is ook vanuit die tafel dat ons die wêreld, met al sy kompleksiteite, weer betree.

Die holistiese beskouing van die nagmaal beteken dat die boek nie net bedoel is vir die konferensietafels van akademici nie, ook nie net vir die studeerkamertafels van predikante nie. *Broken bodies and redemptive tables* is ook bedoel vir die etenstafels van gemeenskappe. "Dit is 'n boek wat praat oor regte tafels en regte mense," vertel Havenga. Mahokoto wys ook met opwinding uit dat dit onder andere na regte, geïnkultureerde praktyke van die nagmaal in die land kyk.

Die unieke ontstaansproses van die boek staan vir die redakteurs as 'n hoogtepunt uit. Deel hiervan was die

samewerking tussen die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie en verskeie kerklike vennote wat deel vorm van die fakulteit se Ekumeniese Raad. Hulle maak veral melding van die unieke gebruik waar outeurs nie in afsondering geskryf het nie, maar ook spesifiek na mekaar se werk gekyk het, terugvoer gelewer het en insette gegee het. Die resultaat is 'n boek van vriendskappe, gemeenskaplikheid en kollektiewe wysheid.

Deel van die filosofie agter die boek lê in die oortuiging dat die land se geskiedenis en konteks nie los kan staan van die liggaam nie en so ook nie los kan staan van die gebroke Liggaam waarin Christene deel het deur die nagmaal nie. Dit is 'n liggaam wat histories aan 'n kruis gebreek is. Dit is die Liggaam wat deur skeiding en uitsluiting oor die jare gebreek het. Die boek kyk na die manier waarop die nagmaalstafel ook 'n tafel van verlossing en lament is. Die nagmaalstafel, verduidelik Mahokoto, word vir gebroke mense, ongeag

hulle gebrokenheid, 'n ruimte van verlossing, van verwelkoming, van raakgesien en herken word.

Hy deel hoe hy self maar etlike weke vantevore vir die eerste keer in 'n jaar die nagmaal gevier het. Hy vertel hoe hulle steeds nie die brood en beker kon deel soos gebruiklik is nie en hoe vreemd dit was. Maar dan begin hy praat van die oomblik van herkenning wat in die fisiese teenwoordigheid van mekaar plaasgevind het. Die fisiese teenwoordigheid van die gebroke liggaam was vir hom so belangrik en so waardevol ten spyte van die feit dat hulle die tekens fisies nie kon deel nie.

Maar wat bedoel Vosloo, Mahokoto en Havenga as hulle van verlossing praat? Hulle bedoel die woord in die omvattende sin om te praat van heling, hoop, versoening en gasvryheid – nie net vir die individu nie, maar ook vir die breër gemeenskap. Dit is 'n verlossing wat nie los kan staan van trauma en klag nie, maar wat juis kan wees as gevolg van die gebrokenheid van die mens

NG GEMEENTE BOTHAVILLE**VAKATURE: LERAARSPOS****1. GEMEENTEPROFIEL**

- 1.1 Bothaville Moedergemeente is 'n plattelandse gemeente met 340 belydende en 102 dooplidmate.
- 1.2 Die gemeente is 130 jaar oud en bestaan uit 11 dorpswyke en vyf plaaswyke. Die hoof- ekonomiese aktiwiteit in die gebied is landbou en van ons lidmate is ook betrokke by besighede op die dorp. Ons gemeente het ook lidmate in Maranata-tehuis vir bejaardes.
- 1.3 Bothaville leen homself tot 'n gesonde en aktiewe leefstyl met toegang tot 'n goeie hoërskool, laerskool en drie plaasskole.

2. LERAARSPROFIEL

- 2.1 Vaardig om alle ouderdomsgroepe te bedien.
- 2.2 Dinamiese en goeie kommunikeerder en respekteer wedersydse inspraak van gemeentelidmate.
- 2.3 Ons fokus in die erediens daarop om die Woord met 'n tradisionele, Skrifgetroue en relevante prediking met innoverende denke te bedien, maar wel ook met groot ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- 2.4 Entoesiatiese deelname aan gemeente-aktiwiteite.
- 2.5 Pastorale, sieke- en huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate is belangrik.
- 2.6 Passie het, nie net vir die gemeente nie, maar ook vir die gemeenskap.
- 2.7 Nakoming van alle amppligte, soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander leraars binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

AANSOEKE

- Elektroniese aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV en kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike preekbeurt en onderhoud indien daartoe versoek.
- Die vergoeding en indiensnemingskontrak is onderhandelbaar.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

RIG AANSOEKE AAN: Pre-advieskommissie. E-pos: ngbothaville@telkomsa.net

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Vrydag, 1 Mei 2021.

DIENSAANVAARDING: 28 Augustus 2021 of soos oorgekom deur kerkraad en kandidaat.

NAVRAE: Pre-advies-kommissie – Llewelyn Niksch 083 453 1360.
Skriba – Adré Bruinette 056 515 2194 gedurende kantooreure.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

se liggaam en die Liggaam van Christus. "Ons wond is waar ons heling lê," sê Vosloo.

Die boekprojek is voor Covid geïniëer, maar die virus het die boek net nog soveel meer relevant gemaak. In 'n tyd wanneer baie gemeentes die nagmaal virtueel vier, het vroeë en insigte oor die nagmaal en die wyses waarop dit meer deelnemend as observerend gevier kan word juis na vore gekom,

wys Vosloo uit.

Terwyl gemeentes met verlange dink aan die dag wanneer hulle weer die nagmaal soos gebruiklik kan vier, hoop die redakteurs dat, wanneer dié dag aanbreek, gemeentes en gemeenskappe saam dieper kan dink oor wat die nagmaal in Suid-Afrika, op hierdie plek en in hierdie tyd, kan beteken.

► *Ds Marileen Steyn is jeugwerker by die NG gemeente Saldanha.*

● Prof Robert Vosloo is dosent in *Sistematiese Teologie en Eklesiologie* by die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.

● Dr Siphon Mahokoto is dosent in *Sistematiese Teologie en Etiek* by die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch en predikant van die VGK Kayamandi.

● Dr Marnus Havenga is 'n postdoktorale genoot in *Sistematiese Teologie* by die Fakulteit Teologie, Uni-



versiteit Stellenbosch en predikant van die NG gemeente Stellenbosch-Sentraal.

Ander outeurs van dié publikasie is:

Pieter van der Walt, Eugene Fortein, Elizabeth A Havenga, Marlene Mahokoto, Nadia Marais, Lisel Joubert, Cas Wepener en Dion Forster.

● Kyk gerus na die boek-bekendstelling hier: www.facebook.com/matiestheology



Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel *Kerkbode* in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849 toe die

eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienstkennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van *Kerkbode* kan word.

SOUNDCRAFT GB4, 40 KANAAL KLANKMENGBANK

40 Kanaal klankmengbank te koop. Dit was in 'n sluitbare kas gestoor en is slegs tydens eredienste gebruik. Die mengbank is in 'n uitstekende toestand en alle funksies werk. Volg asseblief die skakel hieronder om verdere tegniese inligting van hierdie produk te sien.

www.soundcraft.com/en/products/gb4

Skakel Johan Bloemhof op 082 973 2413 vir enige verdere inligting

Die volgende Kerkbode verskyn op 14 Mei 2021.



Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
Privaatsak X8, Bellville, 7535 – 021 957 7104

PSD: Missionale begeleiding en Afrika-ekumene

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika maak die vakature vir 'n PSD (predikant in sinodale diens) in die Diensgroep vir Getuienisaksie bekend.

Die **PSD: Missionale begeleiding en Afrika-ekumene** se uitgebreide verantwoordelikhede kan vanaf die webwerf gelaai word: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste>

OPSOMMENDE VERANTWOORDELIKHEDE

- **Begeleiding van gemeentes in hul missionale getuienis-verantwoordelikheid.**
- **Afrika Susterkerk-verhoudings:** Ondersteuning van vennootskappe met susterkerke in Zimbabwe, Mosambiek, Malawi, Nigerië en Kenia.
- **Administrasie en Bestuur:** Begroting- en bestuursfunksies van die Gesamentlike Diensgroep vir Getuienisaksie.

VEREISTES


- 'n Proponent of geordende predikant van die NG Kerk (verdere teologiese opleiding met spesialisasie in missiologie en evangelistiek word sterk aanbeveel).
- Kennis en ervaring van gemeentelike getuienisbediening.
- Goeie begrip van verskillende kulture in Afrika en die vermoë om goeie kruiskulturele verhoudings te kan bou.
- Goeie kennis en begrip van die kerk se historiese betrokkenheid by ons susterkerke in Afrika.
- Bewese ondervinding van netwerkbediening en vennootskapsbestuur.
- Bewese organisatoriese, bestuurs- en administratiewe vaardigheid.
- Beschikbaar vanaf 1 September 2021.

VERGOEDINGSPAKKET: Volgens die NG Kerk in SA se skaal vir predikante.

SLUITINGSDATUM: Maandag 24 Mei 2021 om 12:00.

Stuur u aansoek as een PDF per e-pos aan: ngkadmin@kaapkerk.co.za

NAVRAE: Persoonlike navrae kan aan dr Danie Möller (083 375 8444) gerig word. Getuienisaksie se webwerf: <https://getuienis.christians.co.za/>



Wenners van Andrew Murrayprysfonds

Die vreesloos eerlike debuut deur 'n behendige storieverteller tel onder die drie groot wenners van die Andrew Murrayprysfonds vir 2021 wat vandeeweek bekend gemaak is.

“Wanneer die monster gerook en kwaad by die huis aangekom het, het hy ons om die een of ander rede herinner dat ons in sy pa se huis bly. Ons het dieselfde ouers gehad. Donker pa, spierwit ma,” skryf Ivor Swartz in *Die verlore seun vannie Gaatjie*. Die boek is bekroon met die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutwerk.

Die winner van die Andrew Murrayprys, wat R25 000 bedra, was Malcolm de Roubaix met *Hoop, heling en harmonie: Dink nuut oor siekte en genesing*.

Die wenskyrwer daag lesers uit om “die mediese en gesondheidskwessies van ons dag op 'n radikaal holistiese wyse te sien en te probeer oplos,” meen beoordelaars luidens 'n verklaring wat deur dr Frits Gaum, voorsitter: Andrew

Murrayprysfonds, uitgereik is. “Die mees beduidende uitspraak vir die optimale verstaan van die teks, is sekerlik De Roubaix se stelling dat daar inderdaad geen ‘finale’ antwoord op die vraag na die ‘diepere’ betekenis van pyn, siekte en lyding is nie,” aldus die beoordelaars.

“Die skrywer is ook oortuig dat siekte allereers 'n uiters persoonlike ervaring is wat 'n mens tot in die diepste van sy en haar wese raak en interaksie met die wêreld radikaal affekteer. En 'n omvattende, interreligieuse beskouing lei asof vanself tot die insig dat daar weinig verskil is – filosofies – in hoe 'n verantwoordelike Christen, Moslem, Boeddhis of Jood, elkeen in sy eie konteks, siekte behoort te benader. Hoop, heling en harmonie is by uitstek Christelike en teologiese ‘merkers’ en daarom so relevant.

Swartz vertel in *Die verlore seun vannie Gaatjie* van sy grootwordjare in 'n arm deel van Grabouw asook oor sy latere tyd in die gevangenis. “Nie die

prentjiemooi Elgin-gedeelte nie, maar die stowwerige rooigrondstrate van die Gaatjie – noemnaam van die gebied waar ek grootgeword het,” skryf Swartz in hierdie boek wat die skrywer opdra aan “elke verlore seun en dogter wat soek, wat smag, wat hunker, wat huil.”

Die prysgeld van R15 000 beloon die werk aan hierdie verhaal van skop, skiet en bekering en Swartz moes met strawwe kompetisie meeding in 'n kategorie waarin 'n sterk gemene deler onder vanjaar se inskrywings 'n soort indagtige (mindful) memoires-benadering tot geloof was. Persoonlike narratiewe met een of ander “device” wat die leser moet begelei en die boek vorm gee. “Die boek is uiters aktueel omdat dit 'n lewensverhaal vertel wat uit die armste en rofste dele van die samelewing kom,” meen die beoordelaars. “Dit vertel die ‘story from below’ en is ‘a simple story well told.’”

Nog 'n onopgesmukte vertelling is bekroon in die vorm van Hykie Berg se boek, *Ultimate survivor*. Berg is die wen-

ner van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir 2021 en steek R25 000 in die sak. Wat in die boek ontvou, is die invloed wat kinderdae se disfonksionele gesinslewe op 'n mens se latere lewe kan hê, meen die beoordelaars. “Beide die komplekse realiteite van verslawing en die rol van geloof, word op 'n geloofwaardige manier aangebied. Berg ‘preek’ nie vir sy lesers nie, maar vertel sy verhaal eerlik, deeglik en chronologies en wil daardeur ander help om hulle eie verslaafdheid te oorkom. Hiervoor span hy dieselfde twaalf stappe van herstel in wat hy in sy eie lewe toegepas het. Die twaalf stappe self is nie nuut nie, maar wel die wyse waarop dit in die boek aan die orde gestel word. Die inmekaarvleg van die twaalf stappe en die outeure se outobiografiese vertelling is uiters goed gedoen,” aldus die beoordelaars.

Die prysoorhandigingsfunksie sal weens die pandemie nie soos gewoonlik in Mei plaasvind nie, maar hopelik in September op Wellington, volgens Gaum.

Drie wenners gesels oor denke agter werke oor pyn en heling

Sedert die begindae in 1978 het die Andrew Murrayprys daarin geslaag om erkenning te verleen aan diverse bydraes binne die (aanvanklik) Afrikaanse teologie, dikwels op die voorpunt van godsdienstige denke. Die keuse van wenners het oor die jare gewissel van gewigtige hoofstroomwerke tot dapper randstemme, waarmee die prysfonds ook getuig van die moed om na nuwe stemme te luister.

Hierdie erkenning van nuwe of soms minder hoofstroom

stemme het nog meer uitgebrei met die toevoeging van die Andrew Murray-Desmond Tutuprys in 2006 en die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutskrywes in 2014. Vanjaar word hierdie tradisie voortgesit.

Opvallend reflekteer al drie wenners nadenke oor swaarkry en lyding, 'n weerspieëling van die wêreldwye worsteling wat 2020 gebring het. *Kerkbode* het met die drie wenners gesels.

Malcolm de Roubaix

Hoop, heling en harmonie: Dink nuut oor siekte en genesing

Wenner: Andrew Murrayprys vir Teologiese Publikasies in Afrikaans

“Ek skryf al my hele lewe lank aan hierdie boek,” sê Malcolm de Roubaix aan Deon Strydom.

“**E**k wil dat mense op 'n ander manier kyk na pyn, siekte en genesing.” Denkende mense het in hierdie Covid-tyd baie nagedink oor die lewe, oor die sin van die lewe. Die boek is gemik op sulke mense.

Die vraag wat al jare by hom leef, is

of dit eties korrek is om essensiële mediese dienste van mense te weerhou om finansiële redes. In 'n sin is die boek die “kulminasie van 'n leeftyd se denke” oor hierdie onderwerp. Die gedagte was om wetenskaplike kennis op 'n toeganklike en holistiese wyse by mense uit te bring. Dit is helend om te weet. “Mense kan slegte nuus hanteer, hulle kan nie onkunde hanteer nie.”

Hy sê dat hy self baie geleer het uit die skryf van die boek. Die fisiese skrywe en verwerking van die boek het byna vier jaar geneem. Met elke verwerking het hy

die saak self nog dieper verstaan.

Die wen van die prys was egter 'n baie groot verrassing wat hom tot trane gedryf het. Dit is nie beplan as 'n teologiese of godsdienstige boek nie.

Tog is hy dankbaar as dit op daardie vlak ook waarde het.

Op die vraag oor watter een ding hy graag wil hê lesers met hulle moet saamdra nadat hulle die boek gelees het, was die antwoord kort en kragtig – HOOP! Hoop is nie optimisme nie, dit is konkreet, gebaseer op kennis en ervaring. Heling en genesing is nie dieselfde nie, daar kan heling wees selfs waar daar nie genesing is nie. Dit help nie om ge-

nees te wees, maar jy is nog stukkend binne nie.

Soos De Roubaix self sê: “Hierdie boek vat 'n bietjie werk om te lees,” maar dit is interessant, toeganklik en boeiend. Lees dit!

Die goeie nuus is dat daar nog twee boeke klaar is! Die een gaan oor voortplanting, is dit 'n reg, plig of voorreg? Die ander is ook in Afrikaans geskryf en sopas deur homself in Engels vertaal: “Neem beheer van jou veroudering.”

Hoop, heling en harmonie: Dink nuut oor siekte en genesing is in 2020 uitgegee deur Penguin.

► *Ds Deon Strydom is predikant van die NG Kerk Stutterheim.*



Hykie Berg
Ultimate survivor

Wenner: Andrew Murray-Desmond Tutuprys vir Algemeen-Christelike Publikasies in 'n amptelike taal van Suid-Afrika

Hykie Berg het die Here ontmoet op die eiland van Survivor in 2010. "Daar het die Here vir my gesê ek moet 'n boek skryf vir mense wat met dieselfde goed sukkel. As pyn transformeer, het iemand die geleentheid om te kan gee en help," vertel Berg aan Carike Noeth.

CN: Wat sou jou advies aan jong Hykie wees as jy nou met hom kon praat?

HB: Om hom te laat verstaan dat hy

waardig is, dat hy geliefd is. Ook dat perfekte verhoudinge nie bestaan nie, en dat 'n mens jou identiteit in die Here kan vind, ten spyte van gebrokenheid.

CN: Wat is vir jou die grootste dryfkrag agter jou daaglikse keuse om nie weer die pad van verslawing te loop nie?

HB: Dit is 'n daaglikse keuse. Ek kies om elke dag 'n pad met die Here te stap. Die keuse is elke dag nuut, daar is nie 'n "môre" nie. Ek leef glad nie in vrees nie. Daar is geen oordeel van God af oor my verlede nie. Ek is vergewe. Daar is altyd 'n kans dat 'n mens weer kan terugval, so al wat ek weet, is dit: "Vandag gaan ek nie val nie".



CN: Jy praat met openheid en eerlikheid oor jou "rock bottom". Hoe sou jy voorstel kan 'n mens iemand wat iets soortgelyk beleef, bystaan of ondersteun?

HB: "Rock bottom" is 'n plek van omkeer. Daar is drie dinge wat moet gebeur om verslawing om te draai: "Rock bottom", God se genade, en persoonlike keuse. Dan kan 'n mens die pad vorentoe stap saam met die Here. Dit is 'n plek van kies tussen God en die dood.

CN: Hoe kan 'n mens veral jongmense help om verantwoordelike keuses te maak ten spyte van uitdagende omstandighede?

HB: Die eerste belangrike ding is om 'n voorbeeld te wees vir almal daar buite. 'n Mens moet ook bereid wees om te erken dat jy 'n probleem het en dan jou perspektief te verander om te verander. Dit gaan gepaard met mentors en leiers in gemeenskappe wat sonder oordeel, en ten spyte van wie jy is, bereid is om die liefde van Christus met almal te deel. Daar is hulp daar buite – jy moet self kies en verantwoordelikheid neem om skoon te kom en skoon te bly. Daar is hoop! As 'n mens aanhou om God te soek, sal jy God vind!

Ultimate survivor is in 2018 uitgegee deur Lux Verbi.

► Dr Carike Noeth is 'n navorsingsgenoot by die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Ivor Swartz
Die verlore seun vannie Gaatjie
Wenner: Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutwerk

Carike Noeth (CN): Hoe dink jy kan jou boek hoop bring vir jongmense wat in dieselfde omstandighede grootword en dikwels deur benede-trokkenheid ingesleep word?

Ivor Swartz (IS): Ek dink daai jongmense moet kan weet hulle storie nou kan óf so bly, en die bouse kringloop aanhou herhaal, óf hulle storie kan onherroeplik verander word deur een of twee keuses reg te maak. Maar dit sal nooit kan gebeur sonder mentorskap, sonder eerlikheid oor jou swaakheid, jou armoede, jou haat, bitterheid, ensovoorts nie. Mentors behoort spasies van veiligheid te skep – 'n mens weet nooit hoe ver die impak van een gesprek, een koffie of een

boodskap in 'n jongmens se lewe kan gaan nie.

CN: Wat sou jou advies wees vir jongmense wat sonder 'n pa grootword?

IS: Moenie pretend dat dit nie seer maak, of dat dit jou nie affekteer nie. Die pyn van daai leemte het 'n wilde manier om jou later in jou lewe in te haal – wanneer jy 'n man, 'n vrou, of 'n ouer moet word. Dit is ook okay om te sukkel om God as 'n man of 'n pa te sien. God sal jou nooit afskryf oor jy Hom slegs deur die lens van jou missing dad sien nie. Weet dat God elke dag op die stoep staan en die verte in kyk om te sien of sy seun of dogter nie op die horison verskyn op pad terug huis toe nie.



CN: Jou broer, Deon, het 'n groot invloed gehad op jou lewe. Is dit moontlik om oor vergifnis te praat in vandag se samelewing, en indien wel, wat verg dit van een mens om 'n ander mens te vergewe?

IS: Dis onmoontlik om healing en wholeness in hulle volheid te ervaar sonder om die pad van vergifnis te stap. Dit mag dalk 'n jaar of tien neem om ten volle te kon vergewe, maar 'n verharde hart kan nie vergewe nie. Ek moet nou nog waak teen die bittermonster wat elke nou en dan in my gemoed opsteek oor dit wat Deon aan ons gedoen het.

CN: Jou storie is een van uitkoms, vrysprak en verandering. Dit bring

hoop dat daar uitkoms is. Wat verg dit van 'n mens om deur al hierdie uitdagings as 'n ander, nuwe, vry mens te leef?

IS: Ek lewe soooooo erg ingestel op dankbaarheid. Dit maak die gewig van wat ek deurgaan ligter. Bygesê, ek lewe ook met 'n bewustheid van my storie, en ek "own" dit.

CN: Enige persoonlike opmerkings oor die boek?

IS: Die boek is wel net my storie, maar dit vat raak op soveel ander plekke in ons samelewing. Mense moet kan sien die antwoorde op SA se grootste probleme is nie so maklik soos "hulle moet net ophou so entitled wees en alles afbrand" nie.

Die verlore seun vannie Gaatjie is in 2020 uitgegee deur Lux Verbi.

Klein venstertjies op God



Strome lewende water

In my skooldae op Williston het ons graag gesing: "Strome van seën van bowe, dit het die liefde beloof, heerlike tyd van verkwikking vloei uit ons Heiland en Hoof!"

By die Huttefees, waar die sorg en voorsienigheid van die Here in die woestyn herdenk is, het Jesus genooi en beloof: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei" (Joh 7:37-38).

Dat Hy die Dorslessende en die Verkwikker is, lei geen twyfel nie. Maar Hy is ook die immer Uitnodigende, wat verlossing en bevryding skenk. Wie van die water (verlossing) drink wat Hy skenk, word self 'n dorslessende en 'n verkwikker. 'n Stroom lewende water.

– Kobus Smit
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Foto: Nevisrivier in Skotland

Die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk in Harare, stel hiermee gesamentlik die volgende bekend:

Vakature: Leraarspos, vastetermyin

Gemeenteprofiel:

Die twee gemeentes het 'n samewerkingsooreenkoms gesluit en beroep saam 'n leraar wat beide gemeentes sal bedien. Gesamentlike eredienste word reeds gehou, terwyl ook besluit is om bediening in die gemeentes en gemeenskap te koördineer. Die gemeentes is tipiese stedelike gemeentes en bestaan grootliks uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die pos is 'n vastetermyinpos vir drie jaar wat met wedydse instemming verleng kan word.

Leraarprofiel:

Die geskikte kandidaat moet

- volledig en goed tweetalig wees (Afrikaans- en Engelssprekend – eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels geleë);
- oor 'n fyn aanvoeling vir bediening aan alle ouderdomsgroepe beskik;
- goeie gesondheid geniet.

Die gemeentes sal 'n lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, baie sterk oorweeg.

Posbeskrywing:

- Die predikant moet die nuutgevormde samewerking tussen die NGK en die NHK as een gemeente, kan hanteer en uitbou.
- Die predikant moet sy pligte volgens KO Artikel 9 van die NG Kerk en die kerkordelike bepaling 2.1.5. van die NH Kerk uitvoer.
- Die beroep is onderhewig aan die suksesvolle verkryging van 'n werkspermit.

Vergoedingspakket:

- Vergoeding en byvoordele sal tydens 'n onderhoud verstrek word.
- Gemeubileerde huisvesting is beskikbaar.
- 'n Voertuig vir gemeentelike gebruik in Zimbabwe word verskaf.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021

- Diensaanvaarding 1 Julie 2021 of so gou moontlik daarna.
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV (maksimum 3 bladsye) met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan: drcharare@mango.zw

Navrae: Oudl Deon Theron +263 77 224 6233 en oudl Rinus Grau +263 71 261 1536. Ds Nicolaas Steenekamp, die konsulent van die NHK Harare, kan in die RSA gekontak word vir inligting – 073 279 3315.

Die kerkrade behou die reg voor om nie 'n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.

NG GEMEENTE MAREETSANE

VAKATURE: KONTRAK-LERAARSPOS

GEMEENTEPROFIEL: Ons is 'n klein plattelandse gemeente met ongeveer 130 belydende en 33 dooplidmate wat buite die gemeentegrense skoolgaan. Hier word hoofsaaklik graan- en beesboerdery beoefen. Ons gemeente is 60 km vanaf Mahikeng geleë. Ons val binne die Ring van Mahikeng en die Sinode van Noord-Kaapland, en skakel dienooreenkomstig by die groter kerkverband in.

LERAARPROFIEL: Geestelike groei en huisbesoek is vir ons belangrik. Die leraar moet aandag gee aan ouer en jonger lidmate. Prediking en pastorale sorg is van sentrale belang in die kontrak. Betrokkenheid van die leraar se gade by die gemeente, is vir ons belangrik.

Artikel 9 van die Kerkorde en die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995, onderlê die inhoud en beginsels van die kontrak.

VERGOEDING: Ons bied 'n vergoedingspakket van R20 000 (bruto) per maand aan, plus 'n dertiende tjek. 'n Motorvoelaag sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Gratis inwoning in 'n ruim pastorie.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 7 Mei 2021.

AANSOEKE: Stuur volledige CV aan:

Die Voorsitter van die Kerkraad, per e-pos: ngkmareetsane@gmail.com

NAVRAE: Leierouderling: Mnr Tienie Swanepoel – 083 443 1675.

Saakgelastigde: Me Janneke Visser – 082 544 9788; 018 332 2715.

Aanstelling sal vir minstens twee jaar wees met die moontlikheid dat dit verleng word. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt, wat op koste van die gemeente sal geskied.

Die kerkrade behou hom steeds die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

vestig in die NG gem Douglas. (Suretha Meintjes, 06.04.2021).

NG KERK

BEROEP: Dr SI Cronjé van Riviera-Jakaranda na Lynnwood; ds Nati Stander van Witrivier na George-Bergsig; ds Riekie Wilken na George-Suid.

AANVAAR: Ds Marietjie Steyn van Bloubergstrand na Kaapstad – Groote Kerk.

WES-KAAPLAND

BEVESTIGING

Ds PG Scholtz het op 30 Sep 2020 geëmeriteer. Hy is intussen beroep na die NGK Prins Albert en het op 7 Feb 2021 diens aanvaar. Vanweë die Covid-bepelings is hy op 2 Apr 2021 in die Prins Albert-gemeente bevestig. (ds PG Scholtz, leraar, 12.04.2021).

Ds Quintes Scholtz, voorheen van NG Doringkruin, Klerksdorp, is op 11 Apr 2021 deur ds Jannie Fourie bevestig in die NG gem Oudtshoornpark. (Gezina Potgieter, Skriba, 14.04.2021).

EMERITAAT

Ds Frederik Jacobus Smit van die NG gem Albertinia emeriteer op 30 Apr 2021. (Quintin Nel, Ringskriba, 06.04.2021).

Ds Jannie Fourie van NG gem Oudtshoornpark se Akte van Emeritaat is op 28 Maart 2021 tydens die erediens aan hom oorhandig deur ds André Orffer, namens die Ring van Oudtshoorn. (Gezina Potgieter, Skriba, 14.04.2021).

NOORD-KAAPLAND

BEVESTIGING

Ds Francois Alwyn Fouché is op 11 Apr 2021 bevestig in Upington Moedergemeente deur ds BJ Booysen. (Elna Theron, Skriba, 30.03.2021).

Ds Kobus Vermeulen is op Sondag 4 Apr 2021 be-

VRYSSTAAT

BEVESTIGING

Prop (Prof) LOK Lategan het die beroep na die NG gem Bloemheuwel as tentmakerleraar aanvaar. Hy is op 7 Maart 2021 georden en bevestig in die gemeente. (Marieta de Ru, Saakgelastigde, 03.03.2021).

RINGSITTING

Die 26ste gewone vergadering van die Ring van Delareyville vind op Maandag 10 Mei 2021 te NG gem Ottosdal plaas. (Dr SJP Slabbert, Ringskriba, 15.04.2021).

HOËVELD

EMERITAAT

Dr Neels du Randt van NG Kempton-Hoogland het op 28 Feb 2021 geëmeriteer. Sy afskeidsprek het plaasgevind op 28 Feb 2021. (Jeanine Hepburn, Ringskriba, 11.03.2012).

BEVESTIGING

Prop Daniël Gerhardus Jordaan is op 11 Apr 2021 in die NG gem Norkempark bevestig. (Liezl Barnard, Skriba, 13.04.2021).

OOSTELIKE SINODE

EMERITAAT

Ds Willem Johannes Nortjé van die NGK Komati-poort het op 31 Mei 2021 geëmeriteer. (Ria Pohl, Saakgelastigde, 12.03.2021).

Ds CJJ Muller van Pretoria-Oosterlig gemeente het op 31 Maart 2021 afgetree. (Rentia Bester, Bedryfshoof, 25.03.2021).

Dr Gavin Meistre van die NG gem Garsfontein emeriteer op 30 Apr 2021. (Neels van Heerden, Bedryfsbestuurder, 01.04.2021).



VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR FOKUS: JEUG- EN GESINSBEDIENING

Gemeenteprofiel:

Rant-en-Dal-Prisma is 'n voorstedelike gemeente in Krugersdorp met ongeveer 1 300 lidmate, wat bestaan uit 1 000 belydende en 300 dooplidmate. Die gemeente is dinamies, het 'n informele bedieningstyl en stel 'n groot prys op die bediening van jongmense en hulle gesinne. Die gemeente het 2 (twee) leraarsposte, waarvan 1 (een) tans vakant is.

Leraarsprofiel:

- Moet 'n gelegitimeerde predikant binne die NG Kerk wees.
- Effektief binne die leefwêreld van jongmense en hulle ouers kan bedien.
- Die geskikte kandidaat moet goed in spanverband kan saamwerk, energiek, kreatief en vernuwend kan dink.
- Die persoon sal benewens die normale pligte soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde spesiaal fokus op jeug- en gesinsbediening.

Vergoeding:

- Onderhandelbaar volgens sinodale riglyne.
- Normale voordele en toelaes.

Aansoeke:

- Aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer as 4 (vier) bladsye nie, asook 'n vraelys wat beskikbaar is op aanvraag by die kerkkantoor.
- Aansoeke en vraelys kan gestuur word na admin@rantendalprisma.co.za en moet die kerkkantoor bereik teen **30 April 2021**.
- Die geskikte kandidate sal genooi word vir 'n onderhoud en moet bereid wees om 2 (twee) preekgeleenthede waar te neem op dieselfde dag (oggend en aand).

Navrae:

Ds Wimpie Wasserman – 082 708 1242 of wimpie@rantendalprisma.co.za
Solly Bellingan – 083 400 8000 of solly@rantendalprisma.co.za

Die bestuursraad van NG gemeente Rant-en-Dal-Prisma behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selsorgteenheid vir 4. Veilige parkering. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selsorg gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkering. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

MARGATE



Volledig toegeruste selsorg tuinwoonstel, slaap 4, loopafstand van strand en winkels.

Braaigeriewe en veilige parkering vir 1 voertuig.
Skakel: 082 832 9176

NG Doringkrui (Klerksdorp)
Vakature: Medeleraar

Gemeenteprofiel

NG Doringkrui is 'n makro-gemeente in 'n plattelandse stad in Noordwes met meer as 2 500 lidmate (belydend en doop) waarvan 83% in die ouderdomskategorie van 0 - 59 jaar val. Ten einde optimale geestelike bediening op elke vlak te verseker – en die gemeente se eietydse bedieningstyl te versterk – is ons opgewonde daarvoor om 'n derde leraar by ons huidige twee leraars te voeg.

Leraarsprofiel

- Moet verkieslik tussen 25 en 35 jaar oud wees
- 'n Dinamiese persoon wat tuishoort in 'n vernuwende gemeente
- 'n Spanspeler en verhoudingsmens
- Beskik oor 'n passie vir dissipelmaking

Fokusareas van die pos

- Hoërskooljeug (13 - 18 jaar ouderdomsgroep)
- Jong volwassenes (18 - 35 jaar ouderdomsgroep)
- Mannebediening
- Dinamiese prediking
- Alle ander pligte soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde

Vergoeding

Alles-insluitende pakket met Sinodale skaal 5 as riglyn.

Aansoeke

- Stuur 'n e-pos aan kommunikasie@ngdoringkrui.co.za om 'n aansoekvorm te ontvang wat ingevul en teruggestuur moet word saam met 'n verkorte CV
- U kan moontlik genooi word vir 'n onderhoud en preekbeurt
- Die Kerkraad is nie verplig om 'n aanstelling te maak nie

Navrae

Ds Lombard van Niekerk (Leierleraar): 082 785 7463
Me Carlien Mynhardt (Skakelbeampte): 018 468 5002 – Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00

Sluitingsdatum: 30 April 2021

Om te adverteer in *Kerkbode*, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

NG ASKHAM-NOENIEPUT

Vakature: Vastetermypos

Die kerkraad van Askham-Noenieput wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

Gemeenteprofiel: Die NG gemeente Askham-Noenieput is 'n tweekop-gemeente in die Noord-Kaap, 180 km noord van Upington. Die gemeente bestaan uit 110 belydende en 40 dooplidmate wat verdeel is in vier plaaswyke en een dorpswyk. Eredienste word alternatiewelik weekliks by die twee punte gehou.

Leraarsprofiel: Daar word gesoek na 'n persoon wat:

- 'n Lewende verhouding met die Here het.
- Entoesiasies en Skrifgetrou preek.
- Met deernis na mense omsien en huisbesoek doen.
- In 'n span kan saamwerk en goeie menseverhouding handhaaf.
- Getroud is.

Vergoeding en voordele:

- 'n Pakket wat 'n selfoontoelaag, reiskoste en verblyf insluit, maar nie mediese en pensioenbydraes nie, word aangebied.
- Pastorie met munisipale dienste.

Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige maar kort CV en kontakbesonderhede van ten minste drie verwysings.

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

Rig aansoeke aan: Die Kerkraad, e-pos: ngkerkaskhamnoenieput@gmail.com

Diensterrmyn: Twee jaar-kontrak.

Sluitingsdatum: 30 April 2021.

Diensaanvaarding: 1 Julie 2021 of spoedig daarna.

Navrae:

- Oudl Kruger du Toit 082 312 3089 of
- Kerkkantoor 082 925 9141

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Nehemiah
Bible Institute

EMPOWERING CHURCH LEADERS
FOR MINISTRY THROUGH
DISTANCE LEARNING

Practical
Affordable
Africa focused
Accredited

Please SMS or WhatsApp
on 062 887 4047

nbi@bmedia.co.za

021 864 8258

www.nehemiah.co.za

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock

Kanniedood karretjie hoop alles, verdra alles, glo alles

Op Sutherland staan Jan Mankopaa by sy gedaan Nissan 1400-bakkie. “Hier’s darem nie te veel verkeerd nie,” sê hy en wikkeldie enjinkap oop.

Jan se bakkie se enjin is ’n stillewe in olie en desperaatheid. Geen lugfilter nie. Geen vonkverdeler nie. Die battery verweerd.

“Eintlik moet ek nou maar net sy tyd stel.” Jan glimlag moedig. Daar is beslis meer om te doen as om net die tyd te stel.

Maar Jan is ’n man van geloof. Jy moet dit wees as jy so ’n ou ryding het.

Ek hou van tyd tot tyd by manne soos Jan Mankopaa stil en gesels met hulle oor hulle rygoed. Ek het ’n ding, noem dit maar ’n liefde, vir sulke ou bakkies en karre. Rammelkaste. Ske-donke.

Die townshipmense praat van so ’n sukkelkar as ’n skorro-skorro.

Jan wil nie regtig teen 63 km per uur op die N1 in hierdie bakkie aan skorro-skorro nie. Hy wou ook nie regtig daardie boete van R850 gehad het wat hy anderdag by Touwsrivier gekry het vir te gladde bande en ’n flikkerlig wat nie werk nie. Maar Jan, ’n draadspanner en gewillige arbeider oor die algemeen, het die bakkie vir R4 000 by ’n Schoemankêrel gekoop – en dis al wat hy kan bekostig.

’n Bakkie soos Jan Mankopaa s’n staan dikwels in diens van ’n gemeenskap. Daardie Opel Ascona vol mense wat duskant Ermelo voor jou aankruie, met ’n oliewolk agterna, is dalk met drie silinders onderweg na ’n kliniek of ’n pensioenbetaalpunt. Daardie bleekblou Isuzu met die een geel deur en die bibberende voorwiel by Mbombela gaan dalk vir mense op een of ander gehuggie meel en suiker en ander nodige goed koop.

Jan was onlangs weer na ’n begrafnis op Ceres, meer as 200 km hiervandaan, met hierdie bakkie, met ’n klompie mense agterop om vir laas van ’n ouma te gaan afskeid neem. In dié wêreld is nie juis betroubare openbare vervoer nie.

“Dis maar ’n neukery,” sê Jan as jy hom vra waar hy onderdele vir die bakkie koop.

’n Skorro-skorro se onderdele is nie vrylik beskikbaar nie, veral nie op die platteland nie. Dit maak die manne kreatief. Op Brandvlei het ’n kêrel my vertel hoe sy negentien-voertsek-Mazda 323 eintlik ’n mengsel is tussen die 323, ’n Corolla en ’n Tazz. Die 323 se enjin het op allerhande verdrietige maniere gegroet, toe bou hy ’n Corolla se enjin daar in, en ’n Tazz se ratkas.

In daardie einste baster-Mazda het sy vrou glo geboorte geskenk aan hulle

seun, op pad na die hospitaal op Calvinia.

Op Vosburg het oom Awie Smit, ’n plaaslike werktuigkundige, vertel hoe ’n ou in die Kalahari ’n drieroringstok gevat het toe sy vonkpropdrade onklaar geraak het. As daardie drieroring vol water is, werk dit glo soos ’n bom. Water gelei mos elektrisiteit. Hy weet ook van ’n man wie se kar se een suier aan die onderkant ingegee het, toe sny hy ’n ander uit sy velskoene se sool.

Jan Mankopaa se vriend, Gert Jafta, alias Gurries, ook hier van Sutherland, het ook ’n 1400-bakkie, ’n rooie, met ’n storie wat ek nie wou glo totdat Gurries dit self vir my vertel het nie.

’n Paar jaar gelede het ’n fratsvloed in die omgewing sy pa en ma en broer in ’n rivierloop meegesleur terwyl hulle in die rooi 1400 was. Byna ’n week later is die drie se liggame uit die bakkie onder ’n vrag modder gehaal. Gurries en ’n werktuigkundige het ná die begrafnis die 1400 uitgesleep en begin ontmodder.

Deesdae ry Gurries weer die wêreld vol in die rooi 1400.

’n Mens kan maklik ’n ander een se eenvoud en armoede verromantiseer, maar die liefde wat Jan Mankopaa vir sy 1400-bakkie het, is ware liefde, anders as die soort vertonerige, jaloerse, opgeblase verhouding wat party mense met hulle motors het.

Jan se Nissantjie is lankmoedig, oor hom kan nie grootgepraat word nie, hy hoop alles, verdra alles, glo alles.

Natuurlik word ’n mens soms kwaad vir sulke bakkies en skedonke op die pad, veral as jy haastig is. (Asof hulle nie ook haastig is nie.) Dikwels is ’n statige oom soos Jan Mankopaa agter die stuur, in ’n deurgeskifte baadjie, met ’n ouer vrou met ’n kopdoek langs hom. Jy sal sweer hy snel teen 180 km per uur voort: Hy is die ene konsentrasie, albei hande om die stuurwiel geklem ... terwyl hulle aankruie.

Hierdie bestuurders se onvoorspelbaarheid is baie voorspelbaar, het ek al geleer. As dit lyk of hulle voor jou gaan indraai, dan gáán hulle.

Jan staan my stil en bekyk terwyl ek om sy bakkie stap. Hy het die bakkie al vier of vyf jaar. Die kappie is met toue agterop die bak geanker.

“Ek is baie heilig op hom,” sê hy.

Ek neem ’n foto van Jan by sy bakkie, en later ook een van Jan en Gurries by Gurries se rooi 1400, wat onder die modder begrawe was. Ek het in die laaste jaar of wat al maklik vyftig, sestig sulke bakkies en hul eienaars afgeneem.

Jy steek allerhande grense oor wanneer jy met die eienaars van sulke ou rygoed gesels. Armoede ken nie ras nie. Armoede is nie volmaak nie en bedek nie alles nie.



Jan Mankopaa is ’n man van geloof. Jy moet dit wees as jy so ’n ou ryding het soos dié Nissan 1400-bakkie.

Foto's: Dana Snyman



Mankopaa se vriend Gert Jafta het ook ’n 1400-bakkie, ’n rooie (sien foto), met ’n storie wat die skrywer nie wou glo totdat Gurries dit self vir my vertel het nie.